# Staan In Die Gaping

Jeffersonville, Indiana, VSA

63-0623 (Oggend)

1 Dankie, Broer Neville.

Laat ons nou net 'n oomblik bly staan terwyl ons buig vir gebed. Laat ons ons hoofde buig en as daar enige spesiale versoek is, sal julle dit net laat weet deur julle hande opgelig. Nou, hou in jou hart daardie dinge wat jy nodig het. En vra die hemelse Vader, dat Hy dit sal skenk.

2 Ons hemelse Vader, ons kom nou na U toe in die Naam van die Here Jesus. Ons kom, glo dat die dinge wat ons begeer bekend gemaak moet word in gebed. En as ons sou glo dat ons ontvang waarvoor ons vra, sou dit toegestaan word. Nou, daardie belofte is so waar. Al hierdie jare het ons dit getoets gesien en ons weet dat dit waar is. Ons wil U bedank, eerstens, dat U ons lewens gespaar het en ons toelaat om weer hier terug te wees, saam. Hier vergader in die gemeente van die Here.

Ons dank U vir die kerk en vir die pastoor, en vir die groot waarheid waarin dit hier gebou is en voor staan. Ons dank U vir elke persoon wat in goddelike teenwoordigheid is. En ons vra dat U ons genadig sal wees vandag en aan ons die insig skenk wat ons nodig het, dat ons 'n meer effektiewe dienskneg vir U mag wees. Dis ons hartsbegeerte om U te dien met eerbied en met 'n ware hart, en dat U die heel beste uit ons lewens kan kry. Elke dag, mag ons wandel so wees dat U tevrede sal wees met die dinge wat ons vir daardie dag gedoen het.

3 Nou, ons bid vandag vir al die siekes en behoeftiges wat in die goddelike teenwoordigheid hier is, en in die teenwoordigheid van julle heiligdomme oral om die wêreld. Dat die groot Jehova sal kom in Sy krag en al die siekes en beproefdes genees. Kry heerlikheid tot U groot Naam. Seën elke geheim in die harte vanmôre, van daardie versoeke vir gebed. Ons bid nou, soos U afkyk in elke hart en sien waarna hulle verwys het soos hulle hulle hande opgesteek het, en hulle hulle begeerte gegee het. En seën ons soos ons U verder aanbid en wanneer ons die gebou verlaat vanmôre en ons na ons huise gaan, mag ons in staat wees om te sê soos hulle wat van Emmaus gekom het: "Het ons harte nie gebrand in ons terwyl Hy met ons gepraat het oppad nie?" Ons vra dit in Jesus se Naam. Amen. Julle kan sit.

4 Ek wil graag sê dat dit goed is, vanmôre, om weer hier te wees in die gemeente van die mense, in die teenwoordigheid van die Here. Dit is 'n paar maande sedert ek terug was. En verlede Sondag was ek van plan om af te kom, maar ek veronderstel dit was nie die wil van die Here nie. Op een of ander manier is die vallei hier baie ongesond vir my. Sodra ek in die vallei kom… Ek is allergies vir hierdie lug wat hierbinne is. En ek breek uit in uitslag oral, en ek dink die uitslag het reguit in die maag ingegaan. En ek was so siek, ek … het gebewe, en gebewe, en koue rillings, en ek kon net nie afkom nie. Alhoewel, ek het opgestaan en myself probeer forseer om dit te doen. En ek is… Ek weet dat ek… Die vallei is baie ongesond en dis… Ek is gesond en ek is nie veronderstel om daarin te lewe nie.

5 Nou, ons wil rapporteer, ons het 'n wonderlike tyd gehad in die dienste van die Here, buite oor die verskillende dele van die land waar die Here ons geroep het om te preek. En nou, ek het nie verwag om vanmôre oor 'n sekere ding te praat nie, want Broer Neville wou so graag hê ek moet iets sê van hier by die mense te wees. So hy's altyd genadig op daardie manier, soos ons almal Broer Neville ken. En ons het Broer Neville lief. En daar is nie 'n dag wat ek nie aan hom dink (hy, en sy vrou, en familie, en sy kinders) en vir hulle bid nie. God gee hom krag om voort te gaan, voort te gaan. Soos ons weet, is ons tyd besig om uit te loop. Ons is net so naby aan môre, dat dit die aandligte van die dag is.

En ek…

6 Ons familie is buite in die Weste. Ons het almal goed aangegaan. En ek het twaalf pond opgetel en tien daarvan verloor sedert ek terug was. En Billy Paul het agtien pond opgetel. En Rebekka, en Sara, en Josef het almal opgetel. Natuurlik, my vrou het nie opgetel nie. So… Ek sou dit nie waag om dit hierbo te sê nie, julle weet, want ek moet na 'n rukkie huistoe gaan. So ek… Maar ons het 'n wonderlike, wonderlike tyd gehad en so dankbaar.

Ons…

7 Soort van sleg, het ek gedink, om terug te kom, maar daar's een groot ding… Twee dinge hoofsaaklik wat ons gemis het, dat daar geen ander plek is wat hulle plek kan inneem nie. Een ding, ons vriende hier, en die kerk. Maak nie saak waar ons gaan nie, ons vind vriende. En ons is dankbaar vir ons vriende. Maar daar is iets omtrent daardie vriende wat by jou staan deur die dik en dun, dat daar geen manier is om daardie vriende te vervang nie. Maak nie saak wat enige ander vriend kan wees nie, daar's geen manier om 'n vriend soos daardie te vervang nie. Jy's net in hulle ingedruk, julle is een. En ons, saam, op soek na die koms van die Here soos die dae aangaan. En dis soort van moeilik om te probeer dink dat jy kan… Jy kan nie geskei word nie.

8 Dit kom by my op van 'n Skrif wat ek glo Paulus geskryf het, en gesê het in die Korinthiërs, dat "Daar's niks teenwoordig, niks toekomstig, en geen magte, nóg naaktheid, honger, gevaar, of enige

skepsel teenwoordig, nóg lewe, nóg dood kan ons skei van die liefde van God wat in Jesus Christus is." Hoedat selfs die dood self ons nooit sal skei nie, omdat ons saamgevoeg is, in hart, in hierdie groot gemeenskap rondom die Woord van God. En selfs die dood self, sal ons nie skei nie. Ons sal verenig wees in die groot ewigheid vir alle tye en eeue.

9 En dan, die kinders, op 'n oggend… Ons sou kerk toe gaan, natuurlik, maar oral waar jy gaan is daar nie 'n… Dit is nie die klein Tabernakel op die hoek nie. En daar's iets daaromtrent. Ek mis dit om daardie klein ou klokkie te hoor en ek … daar bo-op, op 'n oggend. En ek dink dit lui nie op daardie tydstip nie, want hulle het nog nie die toring aangesit vir die klok nie.

En dan, tesame, hier by Agtste- en Pennstraat, waar omtrent vyf-en-dertig jaar gelede, hier gekniel het in 'n ou moeras om my eerste kerk te bou… Hoe die Here Jesus met my daaroor gehandel het. En vandag staan dit as 'n klein heiligdom hier. En soos 'n baksteen en klei … staan dit soos 'n heiligdom. Maar onder in die binnekant van my hart is dit 'n heiligdom wat sal hou solank ek herinneringe het. En dis 'n…

En wat 'n kerk maak is nie die gebou nie, dis die mense wat daaronder vergader om God te aanbid. Ons is dankbaar vir hierdie dinge.

10 En nou, ek het gedink, miskien, omdat ons tyd verby is, amper, en ons het nie veel tyd oor nie, sou ek julle net soort van inlig oor 'n paar dinge wat gebeur het. En dan gaan ek 'n paar bande maak terwyl ek hier is. Omdat ek julle almal belowe het, sien, dat enige nuwe boodskap (opgeneemde boodskap) eers van hierdie platform af sou wees. Hier is waar al die bande gemaak word, nie daarbuite nie. Nou, Broer Jim en hulle gaan saam en verkoop bande in die diens, ensovoorts. Maar daar's… Dis altyd op iets wat eerste hiervandaan gekom het. Sien? Julle sal enige plek nagaan, julle sal dit kry. Dis my belofte aan julle, en dit sal so voortgaan totdat die Here God dit verander.

11 En ek dink nou dat ons bandklante, wat regoor die wêreld… 'n Boodskap wat hiervandaan uitgaan, sirkuleer die aardbol. Sien? Buite in die oerwoude en oral gaan dit deur bandopnames. En aan die heidene, ensovoorts, deur baie, baie verskillende tale waarin dit geïnterpreteer is. So ek wil, terwyl ek hier is, as die Here wil, 'n paar nuwe bande maak. En miskien, as die pastoor nie iets in sy hart vanaand inbrand nie, wel, wil ek dalk vanaand 'n band maak.

12 En dan gaan ek môre na Arkansas en… Of Dinsdag liewer, Dinsdagoggend, om te help in 'n klein konvensie daar met die Internasionale Broederskap van Christene. Ek dink… Of miskien het ek dit verkeerd uitgespreek. Dis iets omtrent Nasionale Broederskap van Christene. Ek weet regtig nie. Ek is jammer. Dis verskriklik, is dit nie? (Dankie, meneer.) Geassosieerde Broederskap van Christene. En ek was veronderstel om deur te gaan … van Sondag af, nou, deur. Maar ek het vandag gehou vir die tabernakel om hier onder te wees. En dan sal ek uitkom op Vrydag ... (Is dit die ... meneer, is ...?) Vrydag is wanneer die dienste daar sluit. En ek sal probeer om Saterdagaand terug te kom om Sondagoggend hier te wees. As die Here wil, sal ek nog 'n band maak. En miskien wil ek een of ander tyd hierrond nou, 'n paar bande maak voor ons gaan.

13 En dan dring ek regtig aan vir Baton Rouge, Louisiana, vir daardie konvensie. En dan terugkom. En dan is ek veronderstel om, in alle opsigte, na Anchorage te gaan. Sien? En van Fairbanks en Anchorage, vir die Christen Volle Evangelie Sakemanne oor daardie takke. En dan terug. En as die Here wil, daar na Chicago in die laaste week in Julie.

En ek veronderstel dan, omtrent daardie tyd, sal ek die kinders weer moet haas na Arizona om in te wees ... om hulle daar in die skool te kry. Want, Charlie, ek moet hier wees omtrent die 15de Augustus. So, ek wil teen daardie tyd terug wees, as die Here wil, daar in Kentucky. Almal wat lag, miskien sal sommige van die nuwelinge nie weet wat dit beteken nie. En net soort van hoop dit klink nie sleg van die platform af nie, maar dis wanneer eekhoringseisoen inkom. So as ek omtrent… Ek maak staat daarop, julle sien. So… Vir 'n paar weke daar vir my vakansie.

14 Nou, ek glo die… Ek het iets hier wat Billy vir my geskryf het, 'n paar notatjies. En een van hulle het gesê: "Pappa, Broer Neville wil weet of jy twee kinders kan toewy." Sekerlik… Sal net goed wees. En ja, ons het 'n toewydingsdiens wat die… Ons kan dit net sowel nou hê. En dan, dink ek, sal ons soort van die volgende vyf-en-veertig minute of iets neem, oor inligting, oor sommige van die dinge wat plaasgevind het.

Nou, baie van die mense en kerke, synde dit toe ek… Hierdie is 'n oop tabernakel. Dit was nooit 'n denominasie nie, en God gee dat dit nie sal nie, nooit. Want ons wil hierdie plek hê waar ons geen wet het behalwe liefde nie; geen geloofsbelydenis behalwe Christus nie; geen handboek behalwe die Bybel nie. En dan, ons het nie lidmaatskap nie, ons hou gemeenskap, een met die ander, vir alle mense, alle denominasies. Almal is welkom en ons het gemeenskap rondom die Woord van God, waar almal welkom kan voel soos hulle kan wees. In beginsel het ons net die Here Jesus lief. En ons is nie 'n geleerde groep hier nie. Ons is net eenvoudige mense wat net probeer om die Bybel te lees en geen interpretasie

daaraan te gee buiten wat dit net sê nie. Net…

15 Ek glo dat God die wêreld sal oordeel eendag volgens die Bybel. Nou, as hulle… Hy gaan die wêreld oordeel. En as daar nie 'n standaard is om volgens te oordeel nie, hoe sal die mense weet wat om te doen? Sien? Dit sou God wees… Jy kan nie onreg aan God toeskryf nie. En God moet iets vir Sy standaard hê waarvolgens Hy die mense oordeel. Daarom, as Hy dit oordeel volgens die Rooms Katolieke kerk, dan is die Griekse kerk (die Ortodokse Katoliek) en baie van hulle sekerlik verlore, en die hele res van die wêreld. As Hy dit oordeel volgens die Grieks-Ortodokse Katolieke kerk, en nie deur die Roomse kerk nie, dan is die Roomse kerk en al die res verlore. As Hy dit oordeel volgens die Lutherse kerk, dan is die Presbiteriane weg. As Hy dit oordeel volgens die Presbiteriane, is die Lutherane en Baptiste weg. Sien? So as Hy dit oordeel volgens die Pinkster, dan is alles behalwe Pinksters weg.

16 Maar Hy sal dit nie volgens enige kerk oordeel nie, na my mening, omdat daar teveel verskille en teveel verwarring is. Maar Hy sal dit oordeel… Die Bybel sê: "Hy sal die wêreld oordeel deur Jesus Christus." Nou, dis Skriftuurlik. Nou… En die Bybel het gesê dat "In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. En die Woord het vlees geword en onder ons gewoon… Dieselfde gister, vandag, en vir altyd." So, Hy is die Woord. En dit is Christus in lettervorm. En in die Boek van Apokalips aan die Katolieke; Openbaring aan die Protestante… In die 22ste hoofstuk toe hierdie Boek klaar was, het Jesus Self gesê: "As enigeen een Woord uit hierdie Boek sal wegneem of een woord daarby voeg, dieselfde… Sy deel sal weggeneem word uit die boek van die lewe." So ek… Die rede waarom ons dit glo is… Sê net presies… Niks… Hy kan dinge doen wat Hy nie hier geskryf het nie, ons weet dit. Maar solank ons net bly by wat Hy geskryf het, sal dit goed wees.

17 En nou, in toewyding van kinders, baie van die mense, die Metodiste besprinkel hulle. En ek dink hulle het hulle eerste nagmaal in die Katolieke kerk of Lutherse ongeveer twaalf jaar oud, en soort van 'n doopdiens wanneer hulle gebore word, ek dink die babas is besprinkel. En ek dink dit het die Nasarener verdeel van die Metodis baie jare gelede, in kinderdoop. Ek dink dis reg, Broer Brown. Ek glo dat dit was wat die Metodiste kerk en die Nasaréner verdeel het, want die Nasaréner het nie kinderdoop aanvaar nie. Maar vir ons, hier by die Tabernakel, as ons gaan bly by wat die Bybel sê… Daar is geen plek in die Bybel waar hulle ooit enigiemand besprinkel het nie, laat staan nog 'n baba, nie eens 'n volwassene nie. Maar hulle… Die Bybel sê, die enigste plek van ons Bybel vir die kinders: "Hulle het babas na Jesus gebring, dat Hy Sy hande op hulle kon lê en hulle seën." En Hy het gesê: "Laat kindertjies na My toe kom en verhinder hulle nie, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemele."

18 Nou, daarom weet ons dat ons power hande is, die pastoor en ek, of enige ander pastoor, om die hande van die Here Jesus te neem. En as Hy hier was vanmôre, sou hierdie ouers daardie baba na Christus bring. Maar omdat ons hier is in verteenwoordiging van Hom, dat ons Hom verteenwoordig, bring hulle die kinders na ons toe. En ons wy hulle aan die Here toe deur ons hande op hulle te lê ter herdenking van Sy groot Woord en Sy daad. So dis hoe ons die kleintjies toewy.

Ek het gedink miskien mag 'n moeder hier wees met haar baba wat nooit aan die Here toegewy is nie, dat sy dalk wil saamkom met hierdie moeders of vaders wat hulle kinders sal toewy. Ons bring hulle net hiernatoe en stel hulle voor aan God, en bid oor hulle, en sê vir die Here dat ons ons hande op hulle lê, en op 'n plaasvervangende manier vir Syne. En dis so naby aan die Skrif as wat ek nog ooit gevind het. Nou, jy mag jou handboek uitkry en iets vind wat 'n groep manne gesê het, maar ek bedoel wat die Woord gesê het. Jy, sien? En ek dink ek het dit werklik baie duidelik gemaak wat dit is.

19 Nou, as die pianis (Is jy die pianis, broer?) hierheen sal kom. Is dit nie vreeslik, in my eie kerk, vra: "Wie is die pianis?" (Ek moet amper aan die deur klop.) Goed. Hulle sing hierdie liedjie wat hulle speel:

Bring hulle in, bring hulle in,

Bring die kleintjies na Jesus.

En terwyl die gemeente dit sing, laat ons op ons voete staan. En laat die moeders en vaders wat die kleintjies bring, nou kom, en sing. Goed:

Bring hulle in, bring hulle in,

Bring die kleintjies na Jesus.

20 Nou pastoor. Nou het ons 'n kêreltjie hier wat slaap en partymaal "amen" hulle 'n bietjie wild, so ons verstaan dat hulle babas is. Wat is jou naam, meneer? William Henry Vincent. En jou dogtertjie? Tina Maria Vincent. Wat 'n lieflike outjie wat op die skouer van haar vader lê. Mag ek haar kry? Christina, ek kan nie jou vader hier vervang nie. Laat ons—sal jy jou hande op die baba lê. Laat ons ons hoofde buig.

Ons hemelse Vader, ons nader U troon vandag bo ons geloof. Lig ons bokant die maan, sterre, bokant die sonnestelsel in die teenwoordigheid van die Almagtige. Ons bring hierdie lieflike kindjie. Ons weet nie wat ons in ons arms hou nie Here. Dit mag 'n groot dienaar vir U wees in die dae wat kom. Ons

vertrou dat dit so is. Maar die vader van die kind het die kleintjie na ons toe gebring dat ons ons hande daarop kan lê, wat ons bely het om U diensknegte te wees om in U plek op te tree totdat U terugkeer. Dan neem U alle dinge oor. Tot dan, Here, moet ons U dien met waaragtigheid en opregtheid, en met ons hande gelê op hierdie dogtertjie seën ons haar in die Naam van die Here Jesus Christus. Vertrou dat U haar 'n lang lewe sal gee as Jesus vertoef en mag sy 'n groot dienaar van U word. Seën die huis waarin sy grootgemaak sal word. Mag sy grootgemaak word in die vermaning van God en Hom dien al die dae van haar lewe. Seën haar ouers en mag hulle lewe om hierdie kind 'n eerbare voorwerp vir die Here te sien as gevolg van hulle daad vandag, in Jesus Christus se Naam. Amen.

God seën julle.

God seën jou, meneer. Haar naam is ... ['n Suster praat met Broer Branham] Hierdie is Suster Tabet, Teresa. Ek weet net nie of ons in staat sal wees om Teresa te hou, of nie. Ek dink nie so nie. Sy weet 'n bietjie meer.

Wel, laat ons ons hoofde buig.

Ons Hemelse Vader, soos ons ons hande lê op die suster van hierdie kleintjie wat net aan U toegewy is, wil die ouers ook hierdie kleintjie toegewy hê. Mag die genade van die Here Jesus Christus op hierdie kind rus, en haar 'n lang lewe gee, 'n geseënde lewe van diens aan U, in die Naam van Jesus Christus. Amen.

God seën julle nou, seën julle almal. Julle is uiters gelukkige ouers, vanmôre, om daardie twee lieflike klein outjies te hê.

21 Sy naam? [Die vader sê: "Joe William Cartwright."] Joe William Cartwright. Hy neem sy siësta vanmôre, dink ek. Goed. Nou, as julle—julle almal… Wel, jy kan hom vashou as jy—as jy dit verkies, mevrou. Dis goed. Josef, kom hiernatoe. Goed. En jy kan hom vashou as jy wil.

Ons Hemelse Vader, ons bring na U hierdie klein Joseph William Cartwright. Die vader staan vanmôre om aan U terug te gee wat U aan hom gegee het, in 'n lewe van diens. God, seën die kleintjie, en mag hy 'n lang lewe lei, gesond, sterk, en 'n groot dienskneg vir U word. Seën sy vader en moeder, die huis waarin hy grootgemaak sal word. Mag Christus te alle tye daardie onsigbare Gas wees. En ons gee hierdie seuntjie aan U, vir 'n lewe van diens, in Jesus Christus se Naam. Amen.

Seën jou, Broer Steve Cartwright.

22 Klein dogtertjie? [Die suster sê: "Ja, meneer."] Mevrou? ["Pam Lewski."] Sylvia Shippy.

Ons Hemelse Vader, ons lê ons hande op hierdie dogtertjie, soos die geliefde haar vanmôre hiernatoe bring, staan by die altaar. Mag die seëninge wat oor haar sou kom, as die Here Jesus Sy Eie spyker-litteken hande op hierdie kind lê, mag daardie seëninge op die kleintjie rus. Seën haar nou en mag sy 'n lang, gelukkige lewe lei en 'n dienaar van U wees. En seën haar huis, haar ouers, haar geliefdes. In die Naam van Jesus Christus doen ons hierdie daad, volgens die Bybel. Amen.

Seën jou…?… Seën jou…?…

23 Sy gaan 'n sangeres wees. Wat is die naam? [Die broer sê: "Roy Allen Myer."] Roy Allen Myer. Ek het gesê hy gaan 'n sanger wees.

Dit herinner my. Ek hoop dit klink nie sleg nie, by die kerk, maar eendag het ek met 'n Indiaan gepraat. Het 'n babatjie gehad wat daar gestaan het, en ek het toe gesê:" Hy's 'n gawe kêrel. En hy's 'n gawe kêrel."

En die hoofman het my dopgehou, 'n paar minute. Toe het hy afgekyk, gesê: "Maar, hy, 'n sy."

Ek skat dis nog omtrent hoe dit is.

Wat is die seun se… [Die broer sê: "Roy Allen."] Roy Allen. Allen is jou van? ["Myer."] Myer. ["Roy Allen Myer."] Roy Allen Myer. Hy's 'n pragtige dingetjie.

Ons Hemelse Vader, soos ons ons hande op hierdie kindjie lê, en in die Bybel het hulle gesê hulle het klein babatjies na U gebring, en U het U hande op hulle gelê en hulle geseën. En dis die daad wat ons verrig ter herdenking van U groot daad op aarde. Seën hierdie kind, sy ouers. Mag die huis 'n konstante plek van gebed, vrede wees. En mag die dogtertjie 'n lang, gelukkige lewe lei en U dienskneg wees al daardie dae. En mag hierdie familie nooit wielgebroke wees nie. In Heerlikheid, mag elke lidmaat om die groot Troon van God vergader word op daardie Dag, en vir ewig gaan lewe. Tot dan, Here, mag U Ewige seëninge rus op die kind, wat ons seën in Jesus se Naam. Amen! ...?...

Hierdie klein… Dis haar sustertjie, Rebekah.

Hemelse Vader, ons lê ons hande op klein Rebekka en seën haar ook, in die Naam van die Here Jesus, net asof sy na die water gaan, na die bad. En ek vertrou, Here, dat die dag sal kom wanneer sy mondig word, aanspreeklik, dat sy haar staan sal maak en reg afloop na die bad daar, en gedoop word vir die vergifnis van haar sondes, in die Naam van die Here Jesus. Skenk dit, Vader. Nou seën haar, saam met haar sustertjie. Mag sy 'n lang, gelukkige lewe lei, en U dien. Amen.

Seën haar. Here seën julle.

24 Is dit sy? [Die moeder sê: “Hierdie is Jacqueline Grenault.”] Klein Jacqueline Grenault, nog 'n mooi klein dogtertjie.

Ons Hemelse Vader, ons lê ons hande op die dogtertjie. Ter herdenking van die groot Here Jesus, Wat Sy hande op babas gelê en hulle geseën het. En mag die seën op die kind kom asof U Eie hande daarop was, vandag. As U hier op aarde was, in 'n fisiese liggaam, sou die moeder die kind na U toe bring. Maar soos ons, as U verteenwoordiger, kom sy na die tweede, dan, Vader. En ons vra dat U hierdie kind sal seën, wat ons seën. In die Naam van Jesus Christus, mag dit 'n lang, gelukkige lewe in U diens lei. Seën sy tuiste waarin hy grootgemaak mag word, mag dit 'n konstante huis van gebed wees, in Jesus se Naam. Amen.

25 Seën hom. Het julle twee van hulle? [Die suster sê: “Ek het twee dogters. En nog een hier wat ook gekom het, broer.”] Goed. Nou, hierdie seuntjie is… [“James David.”] James David. [“Humes.”] Humes. Ek het gedink ek ken jou, Suster Humes. Jy's sendeling, jy en jou man. Is jou man met jou vanmôre? Wel, die Here seën Broer Humes. Sê, jy het beslis 'n paar goeie, mooi kindertjies. Is dit David? En dit is… [“James David, en Joseph! ...?... Florida ...?...”] Ek het pas gepraat met 'n suster van Florida in die studeerkamer vanmôre. Hierdie seuntjie, toe hy was... Hulle is van Florida. Toe hy daar was, het die seuntjie, net 'n kêreltjie, klein, klein kêreltjie in die agterplaas ingegaan, en opgekyk. Het beweer dat hy Jesus gesien het.

Nou, dis klein David Humes. Ons lê ons hande op hom, in toewyding van 'n lewe tot diens aan Jesus Christus. Gaan voort met U seëninge op sy huis.

[Leë kol op band]

26 Dertig jaar gelede gestaan in die skooldeur hierbo op die Utica Pikes, het ek ooit geweet dat daardie klein seuntjie, klein, skugter oorkant na mekaar gekyk, dat ek eendag my hand op sy kleinkind sou lê om dit aan die Here God toe te wy. Ontvang klein John vanmôre Here as 'n dienskneg vir U. Die moeder en vader bring dapper die gawe terug na God wat aan hulle sorg gegee is. En mag hulle 'n sterk lewe lei van gesondheid en krag en vasberadenheid in Christus. Nou gee ons U hierdie seuntjie in die Naam van Jesus Christus vir die lewe van diens. Mag hy lank lewe om U te dien.

Is die dogtertjie toegewy? Wat is haar naam? Carol. Net so op klein Carol lê ons ons hande op haar en wy haar toe aan die diens van Jesus Christus. God seën haar. Mag sy 'n lang, gelukkige lewe lei. Mag sy 'n dienskneg vir U wees al die dae van hierdie lewe. Skenk dit Here. Seën haar huis. Laat dit altyd 'n plek van gebed en geloof wees. Ek gee U hierdie pragtige dogtertjie vanmôre uit die harte van die vader en moeder wat op hierdie altaar staan in die Naam van Jesus Christus. Amen.

27 'n Seuntjie. Ons hemelse Vader, die vader van hierdie kleintjies hou nou in sy arms die laaste klein skatjie wat U hom gee in die vorm van 'n kind. Mag hy sy vader se droom word. God gee dat hy 'n man van wysheid sal wees soos Jakobus wat in die Bybel is. Ek bid dat U hom 'n lang, gesonde lewe sal gee, Here, en mag hy opstaan, as daar 'n môre is en hom die Woord van God laat optree. Skenk dit Vader ter nagedagtenis aan wat Jesus Christus ons Here gedoen het toe Hy op aarde was, ek lê my hande op klein James Rule en wy hom toe aan die diens van God. In die Naam van Jesus Christus. Amen.

Here God, op die hoof van hierdie seuntjie, Gary Gene Adams mag die seëninge van Jesus Christus rus, soos ons ons hande op hom lê, soos ons hierdie jong lewe aan U wy. Seën sy huis, sy ouers. Mag hy 'n lang, gelukkige lewe lei van diens aan ons God en sy God aan wie ons hom nou gee in die Naam van Jesus Christus. Amen. Seën julle.

28 Nou, ek dink dit doen dit omtrent, nou. Nou, ons is net presies betyds om elfuur. Nou, julle weet, ek kan my net voorstel, sien hoe daardie moeders aankom, en pappa's saam met daardie babas… Ek kon dink aan Josef en Maria die oggend van die toewyding van die Here Jesus.

Broer Kidd, ek het 'n klein onderhoud gehad met iemand in die kantoor, maar ek het jou emosie vanmôre gehoor, hier van 'n man van jou ouderdom. En ek veronderstel jy het vertel van hoe die Here jou genees het … die gehoor. En ek het een oggend omtrent gejaag in my kar om by die bejaarde uit te kom… Hy's 'n ou prediker.

29 Dink net! Hierdie man was ... (sy vroutjie, hier), het die evangelie verkondig voor ek gebore is. Preek hierdie evangelie, bo-oor die berge en valleie van Kentucky en Tennessee, waar steenkoolmyners… En

het omtrent niks. En hulle lewe sonder enigiets om te eet. En hierdie vroutjie, hier, was op 'n wasbord vir omtrent twintig of dertig sent per dag, om haar man in die veld in te stuur om die evangelie te verkondig. Dis genoeg om 'n persoon opgewonde te maak, is dit nie?

En dan om te dink, dat hy daar gelê het toe die allerbeste dokters gesê het: "Hy is sterwend. Dis prostaatkanker regdeur hom. Hy kan nie lewe nie, maar net 'n aantal ure, en hoofsaaklik 'n dag of twee." En dit was twee of drie jaar gelede. Drie jaar gelede, en hier is hy vanmôre; gesond, en wel, gee God glorie. Dan, hoe oud was jy toe jy genees is, Broer Kidd? Omtrent wat was die ouderdom toe God… Hoe oud is hy nou? [Mev. Kidd sê: "Twee-en-tagtig, drie-en-tagtig in Augustus.] Tagtig. Goed, hy was omtrent tagtig jaar oud toe God hom genees het. Nou, gee God om vir ons ou mense? Sekerlik doen Hy dit. Ja, meneer!

30 Hy het Abraham genees toe hy honderd jaar oud was; en Sara toe sy negentig was. En hulle het Ismael voortgebring—of, verskoon my, Isak. Is dit reg? Ons is baie bly hieroor.

Nou, julle is so gaaf, ek kan die hele oggend net so met julle praat. Maar laat ons net bietjie van die kosbare Woord lees en dan reguit in die diens ingaan. Nou, ek dink, as dit die wil van God is, wil ek julle soort van inlig oor dinge wat gebeur het. En dan vanaand, as die Here wil, wil ek oor 'n onderwerp praat… Ek wil dit hoofsaaklik opneem om uit te gaan. Is… En as julle wil kom luister, goed. Nadat die pastoor klaar is met sy boodskap, dan sal ek my… Ek sal hierdie band maak. Ek wil preek oor Die Flitsende Rooi Lig van Sy Koms. Hoe een van die flitse reg op ons is, reg nou. En ek wil vanaand daaroor praat: Die Flitsende Rooi Lig van Hom… Hy is hier, is reg op die hand, reg nou. Die sein is af. Die trein is in die blok.

31 Numeri, 16de hoofstuk, aan julle wat sal blaai en lees. Hierdie is die ewige Woord, so laat ons eerbiedig lees. Ek wil twee verse van Numeri 16 lees, die 3de en 4de vers, om 'n bietjie agtergrond te kry oor wat ek wil sê.

En nou, as die bande nie aan is nie, ek wil hê hulle moet hulle nou aanskakel. Of maak dit reg sodat hierdie deel hier uitgestuur sal kan word. Hierdie gaan uit as julle wil… Kan julle julle bande daar maak waar hierdie deel, hier, apart van die res van die diens sal wees? Julle sien, hierdie is 'n nuwe ding. Nou, as julle dit net hier kan blokkeer of wat julle ook al doen. Wel, dan sal ons… Wil julle hê ek moet dit net 'n sekonde afskakel en dit weer aanskakel, sodat dit julle 'n blok sal gee om te weet vanwaar af om te begin? Of kan julle in elk geval daar begin? Begin in elk geval. Goed, dis goed.

32 Nou, ons gaan Numeri 16: 3 en 4 lees:

*En hulle het bymekaargekom teen Moses en Aäron en aan hulle gesê: Dit is nou genoeg; want die hele vergadering, hulle almal, is heilig; en die Here is in hulle midde! Waarom verhef julle jul dan oor die vergadering van die Here?*

*Toe Moses dit hoor, het hy op sy aangesig geval;*

Ons hemelse Vader, seën hierdie paar woorde. En mag die oordenking van ons hart en die vrug van ons lippe welgevallig wees in U oë. In Jesus se Naam bid ons. Amen.

Ek wil dit as 'n teks neem vir wat ek vanmôre wil sê: Staan in die gaping.

33 Van hierdie tyd waarvan ons praat of lees… Natuurlik verstaan ons almal dat dit was toe Datan en Korag besluit het dat hulle sou inmeng met die opdrag wat God aan Moses gegee het, en gesê het: "Jy behoort die hele gemeente *so-en-so* te laat doen. Hulle is almal heilig." En God het Moses beveel om die mense na die beloofde land te lei. En hulle het gesê: "Jy neem dit op jouself om teveel te doen. Jy wat probeer om jouself die enigste een in die klomp te maak wat enige sê het."

En dit het God soveel mishaag sodat Hy vir Moses gesê het: "Sonder jou af tussen hulle. Ek sal net die hele klomp doodmaak en 'n nuwe geslag saam met jou begin." En Moses het in die teenwoordigheid van God neergeval, en gesê… Hy sou oor hom moes kom. Sien?

34 Nou, vandag, as God die mense sou gaan likwideer… En daar was 'n tyd wat… Toe God moeg geraak het vir ons om met ons sonde rond te speel (ons gaan voortdurend verkeerd)… Wie sou staan soos Moses, vandag, vir die mense? Waar sou ons 'n persoon vind wat sou staan, of kon staan, wat God sou aanvaar soos Hy Moses het? En Moses se eie lewe op aarde het soveel vir God beteken dat dit die toorn van God gestop het. En God wou nie oor Moses gaan nie. Dit was altyd 'n raaisel vir my totdat ek… Eendag, in die openbaring van die Skrif, het hierdie gedagte by my opgekom, dat… Julle sien, Moses in aksie was in werklikheid plaasvervangend. Hy was 'n tipe van Jesus Christus.

35 En toe God die lewe van die hele wêreld sou neem en dit vernietig, en al die sondaars (en veroordeel om te sterf) ... Christus het vir ons almal gesterf. En God kon nie oor Christus gaan as Sy eie seun nie. En toe het Jesus Homself vrylik gegee, dat Hy dan die weg sou betaal as… Moses kon dit nie gedoen het

nie. Moses het geen bloed gehad behalwe menslike bloed, soos ons is nie. So, daarom, sy bloed sou nie wees nie … dit sou nie voldoende wees nie. Maar Jesus wat die bloed van God Self is, die skeppende bloed van God… God het net die hele menslike ras dan verskoon van sonde; omdat dit alles op Hom gelê was. En Hy het na Gólgota gegaan en gesterf uit die teenwoordigheid van God uit, en gely. En is in die hel gewerp omdat Hy sonde was; gemaak ... ons sondes op Hom. En daar synde ons lasdraer, het ons sondes na Gólgota geneem, en van Gólgota na die hel, en God het Hom opgerig op die derde dag vir 'n versoening van ons sondes.

36 En vandag is Hy die enigste middelaar tussen God en die mens, en ons is vryelik verskoon en vergewe. God weet nie eens ons het ooit gesondig nie. Ons sondes is in die see van vergetelheid geplaas om nooit weer onthou te word nie. Ons kan dit nie self doen nie; ons is eindig. Hy is oneindig. En ons eindige… Ons kan steeds onthou omdat ons nie groot genoeg is nie; maar Hy is so groot dat Hy selfs vergeet dat ons ooit gesondig het. Ons is seuns en dogters in Sy teenwoordigheid. En alle dinge wat Hy was, is ons. Hy het my sonde geword, dat ek Sy geregtigheid kan word. Hy het jou sonde geword dat jy sal… Jy mag Sy geregtigheid word. So, God kan geen sonde in jou sien solank as jou belydenis in Christus Jesus is nie.

37 Iemand het gesê, 'n tyd gelede… Het gesê: "As ek soiets glo, sou ek ooit die stoom aanskakel! Ek sou die dorp rooi verf. Ek sou na elke danssaal gaan. Ek sou so dronk word, en alles, want…"

"Hoekom?"

"Jy's alreeds veilig in Christus. Watter verskil maak dit?"

Ek het gesê: "Dit wys jy het dit nie." As die liefde van God ooit jou hart getref het, in die sagtheid van Jesus Christus, sou jy so verlief wees op Hom dat die wêreld dood sou wees soos jou sonde. Dis hoe jy weet jy het die Heilige Gees. Nie omdat jy kan gil, skree, praat in tale, of wat dit ook al is nie, maar wanneer sonde dood word en jy lewe in Jesus Christus. O, liefde van God; hoe ryk, hoe rein! Sien?

38 Nou, hier in Louisville, Kentucky, nie lank gelede nie, het 'n prediker gepraat dat daar 'n jong dame was. Sy het 'n bietjie lank in haar lewe gewag om te trou, iewers omtrent vyf-en-twintig, dertig jaar oud. En sy was 'n goeie, stoere Christenmeisie. En daar was 'n sekere man in Louisville wat nie was nie… Hy het nie so 'n goeie lewe gelei nie. Hy het na danse gehardloop, en padkafees, ensovoorts, maar eendag het hy vergifnis gekry vir sy sonde en hy het 'n ware Christen geword, ware stoere Christen. Omtrent 'n jaar later het hy verlief geraak op hierdie jong dame, en die jong dame het erg verlief geraak op hom. En hulle was getroud.

39 En nadat hulle omtrent twee jaar saam gewoon het, het hulle gesê hierdie jong dame het eendag vir haar man gesê… Sy het gesê: "Liefste, ek veronderstel dis soort van moeilik vir jou, net 'n nuwe Christen." Gesê: "Ek is 'n Christen sedert 'n dogtertjie." Maar het gesê: "Vir jou, 'n jong Christen, om al die listigheid en versoekings te verduur wat daarmee saamgaan nadat jy so lank gesondig het."

En hy het gesê: "Wel, dit word 'n stryd."

Sy het gesê: "Ek wil hê jy moet onthou, een ding, dat as die vyand jou êrens ontstel en jy val en jy gaan terug in sonde, moenie wegbly van die huis af nie. Ek wil hê jy moet huistoe kom." Het gesê: "Jy gaan by die huis dieselfde vrou vind met wie jy getrou het." En het gesê: "Ek sal jou help om terug te bid, en deur te bid, en weer terug te kom na God." Gesê: "Ek wil nie hê jy moet wegbly nie." Gesê: "Kyk, ek het met jou getrou nie op grond van wat jy was nie, maar ek het met jou getrou omdat ek jou liefgehad het." En sy het gesê: "Maak nie saak wat jy doen nie, ek het jou steeds lief. Ek het met jou getrou omdat ek jou liefhet."

40 En die man wat daardie dag werk toe gegaan het, was gehoor om dit te herhaal in 'n… die plek waar hy gewerk het. Hy het gesê: "Nou, hoe kan 'n man enigiets verkeerds doen teen soiets?" Wanneer 'n vrou wat hom so liefhet, maak nie saak wat hy gedoen het nie, gewillig was om terug te kom en hom weer te neem, en dit weer te probeer… Sien? Dit wys… Nou, vermenigvuldig jy dit met biljoene en dan het jy 'n idee van wat die liefde van God is.

Dat wanneer 'n man verlief raak op Jesus Christus, die dinge van die wêreld… Wanneer jy dink aan wat Hy vir jou gedoen het in die lig van die Skrif, nie in die lig van een of ander emosie nie, maar in die lig van feite, wat dit is, dan gebeur daar iets in jou wanneer die nuwe geboorte kom tot… Sonde is dood soos middernag. Wanneer die… Solank daardie lig in jou is, hoe kan duisternis skyn? Dit kan dit nie doen nie. Dis wat God gedoen het aan een man wat homself in die bres gegooi het, wat die belofte kon neem. En Moses wat 'n tipe van hierdie antitipe was, dis waarom Moses in die bres vir die mense gestaan het.

41 Dan wonder ek, in hierdie dag, oor hierdie los, lui, sagte, Laodicea eeu waarin ons lewe. Ons weet almal, en was deur die Kerkeeue, dat ons in die laaste eeu lewe, die Laodicea kerkeeu. En hierdie lui, los, sorgelose, grappende, sondige eeu van wellus waarin ons nou lewe, dis 'n wonder dat God nie net sê nie: "Tree terug, kerk, ek sal net die hele groep likwideer." Sien? Wat 'n eeu waarin ons lewe. En Hy sal

dit een van hierdie dae ook doen. Ons weet dat dit kom, daar gaan geen spaarsamigheid hiervoor wees nie, want Hy is alreeds… Iemand het gesterf vir hulle wat wou ontsnap. Maar Hy sal diegene neem wat was … of Christus aanvaar en Christene geword het. Hulle sal uit die toorn weggeneem word, want dan kon Hy dit nie doen nie. Daar was geen manier om dit te doen in die tyd van Moses nie.

42 Nou in die boek van die Openbaring, wanneer ons by die Laodicése kerkeeu kom… In Openbaring die 3de hoofstuk, het die Bybel gesê dat hierdie eeu, die Laodicése eeu, blind was. Het gesê: "Omdat julle ryk is, sê julle julle is ryk, en julle het vermeerder in goedere…" (Grootste kerke, die beste geklede mense, die grootste wat daar was in enige eeu.) "Omdat julle sê, 'Ek het niks nodig nie.' Weet julle nie dat julle arm, beklaenswaardig, ellendig, naak, blind is, en dit nie weet nie "

Nou, as 'n man in hierdie toestand was, en jy kon hom sy toestand vertel, sou hy homself probeer help as hy verstandelik reg was. Maar wanneer hy in daardie toestand is en jy kan hom nie anders vertel nie… Hy glo net nie dat hy naak is nie. Hy glo nie dat hy in daardie toestand is nie, dan wys dit hier dat hy blind is. Die god van hierdie wêreld het die oë verblind van diegene wat weier om Christus te dien, en hulle het… So blind kan hulle nie die teken sien waarin ons lewe nie, die uur, die tyd waarin ons lewe. En onthou, daar was alreeds een staanplek in die bres en niemand anders kan staan nie. Jy moet óf daardie middel aanvaar, óf jy is gedoem.

43 Nou, aan ons, om nou naby te kom aan wat ek wil sê. Kan ons staan...? (Nou, ek preek vir myself hierin.) Kan ons staan en 'n menslike wese sien wat blind is, fisies blind, en weet dat hy oor 'n krans loop…? Kan ons in ons afgestompte gemoedstoestand waarin ons is vanmôre…? Sou ons kon staan en 'n blinde man oor 'n krans sien loop, blind, en hom nie probeer waarsku nie? Dit sou wees… Dit sou so wreed wees. Ons sou so onverskillig in ons hart wees. Kan julle julle voorstel, 'n persoon wat so onverskillig raak dat hy amper kan lag, en 'n blinde man sien (wat nie kan sien nie en homself nie kan help nie) doelbewus oor 'n krans loop? Dit sou 'n slegte ding wees, … doen niks daaromtrent nie.

44 Wel, aan my broers, wêreldwyd, wil ek hierdie belydenis maak. Ek sê dit nederig, dat dit net omtrent is wat ek gedoen het, of gereed gemaak het om te doen. Ek het vir jare gepreek, en ek het 'n ou man en 'n ou veteraanprediker geword. En ek het 'n klomp harde gevegte gehad en ek is… Mag… Ek is vol littekens, heeltemal opgesny aan die binnekant van gevegte. Want my lot wat die Here my gegee het, was nie toentertyd om die babas te soen, en om die jonges te trou, en die oues te begrawe nie. Maar dit was om 'n twee-handige Swaard teen die gevegsfront te hou teen die listigheid van heidendom, en demonologie, en die magte van die duisternis, en dit te beveg met die Woord van God totdat ek die vyand verslaan gesien het. Ek is baie keer diep gesny.

45 Dan, wanneer ek kom met die boodskap in hierdie dag, en ek het vir die kerk gesê die dinge wat ek op die punt is om te sê. En ek het jare gelede voorspel toe die Heilige Gees my geroep het na hierdie werk. En daar is nie 'n persoon wat vandag op aarde lewe, wat ooit sou kon sê dat die Here my ooit vir julle enigiets in Sy Naam laat vertel het nie, maar wat gebeur het net presies soos dit gedoen moes word.

Hoedat Hy my eerste uitgestuur het, en die eerste gawe, en die tweede gawe… En die dinge wat gesê of gedoen is die wêreld oor, en letterlik miljoene het na Christus gekom. En tienduisende predikers geïnspireer, wat 'n herlewing begin het wat oor die hele aangesig van die aarde vandag sou swiep. En omdat die Pinksters die een was wat my boodskap ontvang het, is hulle die een wat veld gewen het. Die Pinksterkerk toon meer bekerings as die… Klein groepie Pinksters, as al die res van die kerke saam. Dis statistieke. Hoekom? As gevolg van hulle wat die waarheid ontvang en 'n herlewing ontvang het.

46 En nou, na die groot tyd van die genesing van die siekes, die uitdrywing van duiwels en die opwekking van die dode; waarvan ons almal getuies is, en so is baie dokters, en groot manne van die aarde… En die verskyning van die Here Jesus onder ons wat… In die teken daar soos julle sien, reken ek, op die muur waar dit ook al is, van die engel van die Here. En hoe die wetenskaplikes kopiereg daarop gehad het. En dis 'n bekende feit, die wêreld oor. En sien die einste dinge wat Hy gedoen het, gebeur elke keer. Dan as die vuurkolom wat met Israel oor die woestyn gegaan het in die dae van Moses, dat ons… Of nou dat Moses genoem is: "Die dienaar van die Here," en hy 'n vuurkolom in die nag gevolg het, en 'n wolk bedags.

47 En toe Jesus op aarde was, het Hy gesê dat Hy daardie God was. Hy het gesê: "Voor Abraham was, IS EK." En EK IS was die vuurkolom wat in die brandende bos was wat met Moses gepraat het in die dae wat verby is. Ek dink dis korrek, Broer Vayle. Toe het Hy gesê: "Ek kom van God en Ek gaan na God." En toe Hy gekruisig is… Gesterf, en opgestaan, en opgevaar het na bo, en Sy liggaam neergelê op die groot altaar van die ewige God. Om daar te wees, altyd teenwoordig te wees, om in ons plek op te tree, om te weet dat Hy ons sondeskuld betaal het. En daar het Hy weer teruggekeer na die aarde in 'n vorm van 'n groot vuurkolom.

48 Paulus, op sy pad… Voordat hy Sint Paulus genoem is, was hy Saul van Tarsus genoem. En op sy pad af na Damaskus om party mense te arresteer wat teveel geraas en geskree het, en 'n Evangelie

verkondig het wat teenstrydig was met hulle tradisie van die kerke… Op sy pad af eendag, omtrent hierdie tyd in die dag, is hy neergefel deur 'n groot lig. En hierdie groot lig… Hy wat 'n Jood was en geweet het dat die vuurkolom die kinders van Israel gelei het, en hier was dit weer voor hom, het hy uitgeroep: "Here!"

Nou, as julle oplet in julle vertalings in beide King James, en Standaard en alles, is dit hoofletter H-e-r-e. En enigiemand wat hulle Bybel ken, weet dat wanneer dit hoofletter H-e-r-e is, is dit Elohim; die algenoegsame Een wat die hemele en aarde geskape het, in Génesis 1:1. Here! Nou, Paulus sou nie een of ander optiese illusie genoem het nie… Hy sou nie een of ander—iets genoem het waarvan hy nie geweet het nie, want hy was 'n opgeleide man in die Skrifte. Kom op onder Gamaliël, die groot leermeester van daardie dag, en hy sou nie daardie Here geroep het as hy nie tevrede was dat dit Jehova was nie. Hy het gesê: "Here, Wie is U?"

49 Luister na die stem wat terugkom: "Ek is Jesus, dieselfde gister, vandag, en vir altyd."

So, ek dink, te midde van dit alles, voordat ons enigsins verder gaan, beide hier en oor die wêreld heen… Die mense wat sal luister, en nou luister, sal weet dat dit deur elke daad bewys is om Jesus Christus, dieselfde gister, vandag, en vir altyd, te wees. Die einste dinge gedoen wat Hy gedoen het: die siekes genees, die gedagtes van die gemoed geken, dinge vertoon wat sou gebeur; en elke keer perfek deur hierdie jare. Ek is vier-en-vyftig jaar oud, en het visioene gesien sedert ek omtrent agtien maande oud was, en nie een keer nie… Maar elke keer was dit die waarheid. Nou, dit moet God wees. En dan, ek wat dink dat: "Waarom is die mense so blind dat hulle dit nie kan sien nie?"

50 En voortdurend wanneer ek met ons vroue praat oor hulle hare knip en die predikers my daaroor uitskel; en omtrent hulle wat onsedelike klere dra, hierdie kortbroeke en so aan, en aangaan op daardie bose weg; en oor ons manne soos hulle gemaak het, rook, en gesellig drankies drink en alles; en dan nog hulleself Christene noem, en nagmaal aan tafel neem omdat hulle aan 'n organisasie behoort het. O, dit was net eenvoudig… Hulle het gedink ek het God gelaster. En het die vroue beter geword? Hulle het erger geword oor die nasie heen.

Dan ek, synde 'n senuweeagtige… (ek sê dit soort van stilweg, en miskien 'n neurotiese tipe persoon wat ek is) en weet dat ek onvoldoende was vir die begin vir die werk, soos baie gekla het, dit moes doen. Dit was moeilik. Maar ek het gedink: "God, waarom het U nie iemand geroep wat dit kon gedoen het nie. En ek is jammer, maar ek het gefaal. Die mense wil net nie na my luister nie. En ek het gefaal om te doen wat ek moes gedoen het, iewers, want hulle wou nie luister nie."

51 My moeder wat pas oorgegaan het in Heerlikheid (omtrent 'n bietjie meer as 'n jaar gelede) … my ma… Haar pa was 'n jagter. En ek dink, ek het alles om uit hom uit te kom in daardie sin, want ek is lief vir die woude. En ek het gedink: "As hierdie mense wat hulleself Christene noem, as hulle nie wil luister na die boodskap wat ek preek nie, laat hulle dan alleen. Ek sal dit net heeltemal stop en ek sal opgaan in die berge. En ek ken 'n vriend waar…" Baie van julle, hier, onthou ek het die tyd voorspel, omtrent ses maande voor dit gebeur het, hoedat ek na 'n plek sou gaan, (reg van hierdie platform af hier); en daar sou 'n dier wees wat gelyk het soos 'n takbok met gepunte horings, en hoe dit twee-en-veertig duim sou wees, en hoe daar 'n sewe-voet silwer-punt grysbeer sou wees. Julle het dit op bande en alles gekry. Ek sou dit kry… Julle onthou die tyd; almal van julle. Wel, dit lê nou in my kamer daarbo, om te wys dat dit die waarheid is.

52 Nou, net oor dinge soos dit, want dis net voor die heengaan van my moeder, en Hy wou my stilmaak vir daardie groot skok, dat… Hy het geweet Hy sou haar neem.

Nou, ek het 'n man ontmoet … was 'n Christen, en hy het 'n groot kontrei reg onder Alaska. En ek het besluit in my gedagtes, dat, omdat ek hier weg is en weswaarts gegaan het, dat ek my vrou sou neem en haar soort van in iets sou vaskeer. Ek sou haar daarbo kry en ek sou 'n gids word. En dan, as die Here wou hê ek moet iets doen … sou ek my hare laat uitgroei en ek … my wangbaarde. En ek sou daar teruggaan en 'n gids wees. Daar woon net omtrent twee of drie Indiane daar in die land. En ek sou net 'n gids wees en ek sou Bud help. En as die Here wou hê ek moet enigiets doen, dan sou ek sê: "Goed, Here." Hy sou my 'n visioen gee. Ek sou uitglip.

53 Ek sê die mense… Ek het myself nooit geag… Enigeen wat dit weet… Maar mense het gesê: "Broer Branham, die Here het jou geroep om Sy profeet te wees." Wel, ek het myself nooit so beskou nie, maar ek het begin kom by die tyd waar ek omtrent gereed was om dit te doen: om te dink: "Wel, miskien is ek. As ek is, sal ek agter in die wildernis lewe. En as ek agter in die wildernis woon, dan sal ek Sy profeet wees." Sien? "En dan as Hy my êrens wil stuur… Terwyl Hy my nie gebruik nie, dan sal ek sekerlik goeie visse vang en 'n paar dinge doen." Natuurlik was dit soort van 'n selfsugtige houding (sien?) omdat ek dit wou doen. Nou, dit is nie net presies die ding wat … om te doen nie. En nou, ek het dit in my gedagte gehad om dit te doen.

En nou, net voor die Sewe Kerkeeue gepreek is, soos hulle daar geteken is… Daar is baie vandag wat

hier was gedurende daardie tyd en het geweet hoe die Here dit geseën het, op die muur daaragter wat dit weerspieël, net… Hoeveel is nou hier, wat toe daar was, toe dit net daardie dag gekom het?

54 Dan onthou ek, dan, van Broer Jackson. Hy is gewoonlik met ons. Broer Junior Jackson, die Metodis… Was 'n Metodiste prediker. Ja, hier sit hy nou hier oorkant. Nou, dat hy na my toe gekom het met 'n droom en dan het nog 'n paar broers met soortgelyke drome gekom. Nou, die Here was baie goed vir my en ek het nog nooit ... (neem aan julle neem op vanmôre). Het ek julle ooit 'n verkeerde interpretasie van 'n droom vertel? Nee, meneer! Want, dat die Here… Ek sal dit nie spreek totdat ek dit weer sien en weet wat dit… Hy sê daarvan, dan sê ek vir julle. En toe het hy gesê, ek het 'n diens onder in sy kerk gehad, en hy het op een of ander manier… Hy was baie senuweeagtig daardie aand. En hy het uit die kerk gehardloop en anderkant toe gekom en my in die motor ontmoet, en die mense wat verbygegaan het. Gesê: "Ek wil jou iets vertel."

55 En hy het my vertel dat hy 'n droom gedroom het, dat hierbo iewers soos in Indiana, dat daar 'n lang, groot gras heuwel was en die water het al die grond van die top afgespoel. En dit het rots geword soos 'n bles op die berg. En toe in hierdie rots was daar snaakse skryfwerk. En het gesê ek het daar gestaan saam met al die broers, hier rondom die kerk, en hierdie skrif geïnterpreteer. En toe, toe dit gekom het by die tyd dat ek dit alles geïnterpreteer het, toe… Dat ek op een of ander manier, as ek die droom reg verstaan, iets in die hande gekry het soos 'n koevoet of 'n… of een of ander soort van 'n hoekstaaf of iets… Of nie 'n hoekstaaf nie, ek het 'n breekyster bedoel of iets, en net die top van daardie berg uitgesny en dit opgelig. En aan die binnekant daarvan was wit rots, iets in die orde van graniet of iets aan daardie kant; een of ander wit rots waarop nie geskryf was nie. En ek het vir die broers gesê: "Bly hier en kyk hierna en ek…" Terwyl hulle almal gekyk het, het ek onder hulle uitgeglip en weswaarts begin gaan. En Broer Jackson het gesê dat hy my oor een heuwel sien gaan het, en toe 'n ander heuwel, en al hoe kleiner geword het weswaarts. Julle onthou dit.

56 Wel, die interpretasie daarvan, natuurlik, is hier by die kerk gegee voordat dit gebeur het… Dat die tyd nou is, wat ek glo, dat die volle openbaring deur die eeu van Luther, Wesley, en John Smith, Alexander Campbell, en verskillendes wat oor die Bybel gepreek het… En toe het ons in die Bybel gekom en gewys dat daar 'n sewende engel se boodskap sou wees. En met die blaas van die sewende engel se boodskap, sou al die verborgenhede van God bekend gemaak word. Toe kom sewe geheimsinnige donderslae.

En nou, as dit daardie einde is, eeu waarin ons lewe, waar ons opgekom het deur regverdigmaking, heiligmaking, doop van die Heilige Gees; en het tekens gehad, wonders, en alle verskillende dinge… En die gawes het teruggekeer na die kerk. Soos: goddelike genesing, en profesie, en spreek in tale, en interpretasies. En hoewel dit verskriklik wanvoorgestel is… Maar tog, dit neem nie weg nie dat daar 'n goeie een is. Daar's 'n ware een (van waarlik eg), 'n gawe van spreek in tale wat altyd veronderstel is om in die kerk te wees.

57 Ons het 'n klomp nabootsings. Ons het mense wat opstaan en probeer optree soos Christene en hulle lewens vergelyk nie, so daar is iets verkeerd. Jesus het gesê: "Aan hulle vrugte sal julle hulle ken." Sien? Dis hoe jy 'n Christen ken, deur hoe hy lewe. So, moet nooit enigsins hoër spring as wat jy lewe nie. So, dan net… Maar daarin… Dis 'n duiwel wat 'n voëlverskrikker maak om die ware, egte gelowiges weg te hou van die ware ding daarvan. Maar God help ons om te skei en in staat te wees om te onderskei tussen reg en verkeerd. En die Woord sal dit altyd regmaak.

Nou, ons vind dat hierin, ek het julle vertel dat die interpretasie op die rots… En die rots is Christus wat in die broer se droom was. En dis die Bybel. En vir al hierdie jare is die Bybel geïnterpreteer totdat ons dit absoluut die kerklike interpretasie gegee het deur… En die laaste gawe word bygevoeg in die Laodicése eeu, wat die sewende engel se tyd is om te preek in die Laodicése eeu. Op daardie tyd, dat daar 'n klomp dinge sou wees wat misverstaan is deur die eeue.

58 Soos Luther regverdigmaking verkondig het, maar hy het dit wild laat loop omdat hy nie lank genoeg gelewe het nie. En saam… Toe het hulle die kerk georganiseer. Luther het dit nooit georganiseer nie… Na Luther. En toe het Wesley na vore gekom. En na Wesley het hulle die Wesleyaanse kerk gekry. En toe daarna het John Smith, die Baptis, gekom; en toe Alexander Campbell, ensovoorts. Maar die manne (die hervormers) het nie lank genoeg gelewe om dit alles bymekaar te kry nie. En so is daar 'n klomp los punte oor. En toe, toe hulle het… Byvoorbeeld, daar was waterdoop wat John Smith teruggebring het; die waterdoop in onderdompeling, maar die gebruik van die titels. En baie van daardie dinge wat los gelaat is. En dan wanneer ons daar by die einde kom, is die laaste boodskap veronderstel om dit alles reg te stel; om hierdie dinge na een geloof te bring, een Here, een doop.

59 En nou, nadat die Bybel volledig geïnterpreteer is, dan let julle op, dit het die top van die piramide-agtige rots oopgemaak. (Nou nie die piramide-lering nie; nie dit nie, want ek… Die manne wat daardie piramide-doktrine onderrig ... ek reken hulle weet waarvan hulle praat. Ek weet niks daarvan nie.) Maar egter, dit was in die vorm van 'n piramide. Maar die hoofsteen op die piramide is nooit opgesit nie. Nou,

ek was in Kaïro en in Egipte en die hoofsteen het nooit gekom nie omdat dit 'n hoeksteen was—dit was 'n hoofsteen. In die kerk was dit die hoeksteen. In die volle kerk was dit 'n hoofsteen. So, dit het nooit gekom nie. Dit was verwerp. Christus! En dit sal kom. En ek glo dat wanneer dit kom, dat die kerk sal vorm in 'n plek van regverdigmaking onder Luther, heiligmaking onder Wesley, en die Pinksterboodskap; sal die kerk na so 'n minderheid bring. En 'n bediening sal onder daardie mense wees totdat dit presies dieselfde bediening sal wees as wat Jesus Christus gedoen het. Dit sal Jesus bring en die hele ding wegraap.

60 Al daardie eerlike en ware Lutherse, Presbiteriaanse, Baptiste, Metodiste, en wie ook al gebore is uit die Gees van God, sal weggeraap word saam met Jesus Christus wanneer Hy kom. Ek glo dit. Ek verskil met sommige van ons Pinksterbroers wat glo dat die oorblyfsel van die kerk diegene is wat weggeraap sal word in die laaste eeu. Ek verskil daar omdat God… Hoe kon 'n mens… Hoe kon God… As ons sou sê: "Hoe kon Hy?" Hy kan doen wat Hy wil. Maar God, wat Luther belowe het. En onder regverdigmaking, dis al wat hulle geweet het. Sien? Hy het belowe om die kerk te neem. En Hy… Ek glo deur die genade van God en deur die Skrifte ... ondersteun dit. Omdat Hy nie in die eerste waak gekom het nie en hulle aan die slaap geraak het; en die tweede waak; verder af. In die sewende waak kom Hy. En dis die sewende kerkeeu. Dis die sewende engel se boodskap. Sien? En toe Hy kom, het al daardie maagde opgestaan en hulle lampe geknip. Presbiteriaan, Lutheraan, Baptis, wie ook al wat uit die Gees van God gebore is, sal in daardie wegraping gaan. Ek glo dat die Bruid uitgeroep sal word gedurende daardie tyd. Ek glo daar sal sommige in die laaste dae wees wat nie die dood hoef te smaak nie, maar sal verander word in 'n oomblik, in 'n oogwink.

61 Nou… Maar in soverre julle opgelet het, in Broer Jackson se droom was daar geen skrif aan hierdie rots aan die binnekant nie. Dis waarvoor ek weswaarts gegaan het. Nou, soos dit gebeur het… En ek het julle gesê: "Eendag sal ek julle sê wat dit beteken." Ek het weswaarts gegaan daarvoor. En het julle die visioen vertel wat die mense, beide op band en teenwoordig vanmôre, sal weet met die neem van *Menere: Hoe laat is dit*? En enige van julle bandbroers wat nie daardie boodskap het nie en dit wil volg, neem *Menere, Hoe laat is dit?* Voor… Weke en maande voor dit hier gebeur het, het ek die visioen gesien om by Tucson te wees, noord van Tucson, wat oos van Flagstaff, noord van Tucson, sou wees, en sou klitsgras van my broekspype afpluk en 'n ontploffing sou afgaan wat werklik sou lyk asof ... die land skud. Hoeveel van julle onthou dit? Dit sou die land skud.

62 Wel, dit is toevallig dat ten minste een man teenwoordig is vanmôre wat daar gestaan het toe dit gebeur het. Dit het werklik die rotse van die berg afgeskud. En nou, hulle… Ons vind uit dat gedurende daardie tyd het ek sewe engele gesien in 'n vorm van 'n piramide wat neergeswiep en my opgetel het. En ek is ooswaarts gebring om die sewe seëls vir God oop te maak. As julle hulle nie het nie… As Jesus vertoef, en ek… My agterkleinkinders, klein Paul se kinders… Dit sal steeds die ewige waarheid van die lewende God wees! Nou, dit was om uit te vind… Dit was verseël binne-in hierdie berg. Dit was nie geskryf nie. Dit moes geïnterpreteer word. En toe ek terugkom, het die eerste engel, op die eerste aand, die seël oopgemaak teenstrydig met enigiets wat ons ooit in ons lewe gehoor het. En al sewe het op dieselfde manier uitgekom. Julle weet dit. Julle was hier teenwoordig toe dit gebeur het; baie van julle.

En nou, ek het dit nie geweet op daardie tyd nie, maar

63 Broer Fred Sothmann, ek weet hy's hier. En ek is baie seker Broer Norman is hier. Ons was bo… Ek moes na Houston gaan oor daardie jongman om hom gered te kry van die elektriese stoel. En toe het ek teruggegaan en ek het daar gaan jag saam met die broers. En daardie oggend het ek daar gestaan en klitsgras afgetrek, of wat hulle "bokkoppe" daar noem; van my broekspyp af. En die ontploffing het net presies gedoen soos dit dit gesê het. Is dit reg, Broer Fred? En ek moes ver van die grond af gespring het. En net bokant my was die engele van die Here wat boodskap teruggestuur het, vir my om hierheen te kom om hierdie seëls te breek. Hoekom hier? Hoekom by die tabernakel? Hoekom het ek dit nie daar gedoen nie? Omdat ek 'n belofte aan my kerk en aan God gemaak het, dat enige nuwe boodskap sou kom van hierdie Tabernakel, opgeneem hiervandaan. En Hy het my gehelp om my woord te hou, om hier agter te bly om dit te doen. En toe het ek dadelik weer teruggegaan.

64 En nou, ek het nie destyds geweet dat hulle foto's daarvan geneem het nie. Wetenskaplikes het, terwyl die engele hulleself uit die hemel laat sak het om die boodskap te bring. En onthou julle, ek het gesê die een aan die regterkant van die konstellasie het 'n … soort van sy bors terug, en sy vlerke… Julle onthou ek het dit gesê, almal van julle? En hoekom ek Hom dopgehou het? Hy was baie onderskeibaar van die ander. En ek het nie geweet hulle neem 'n foto daarvan nie, want ek het my dadelik oos gehaas. Maar teruggegaan huistoe na Tucson, daar was dit regdeur die koerante wat amper landwyd of reg in Mexiko gesien is, en al die Westerse State. En ek dink die Koerier hier… Dit was op die Associated Press. Hoeveel het 'n geheimsinnige wolk in die lug gesien? Julle sien die hande. En nou, die Life Magazine het dit opgetel. En ek het die artikel hier vanmôre. In die Life Magazine van die vertoning… Nou, hier is dit, dieselfde tyd wat ek daar was. Sien die piramide van die wolk? Ek het net onder dit gestaan. En daar… Sien die kenmerkende engel aan die regterkant? Sien die gepunte vlerk daarvan? Net presies wat gesê is. En hier is dit 'n onderhoud van Mexiko en verskillende plekke van waar hulle die foto

geneem het. Nou, hierdie wetenskaplike hier probeer al die inligting oor die foto kry wat hy kan … oor die mense wat die foto het. Hy bestudeer dit.

65 Nou, hy sê hier dat dit onmoontlik sou wees vir dit om 'n wolk te wees, want vog gaan nie bokant… Ek sou sê omtrent ses of agt myl hoog, soiets. Wanneer ons oorsee gaan, vlieg ons gewoonlik 19,000 voet, ons is dan bokant die storms. Maar hierdie wolk, volgens hierdie artikel hier van hierdie wetenskaplike, is ses-en-twintig myl hoog. Dit sou myle en myle bokant vog wees. En hy het gesê, die area nagegaan… En nou, julle weet ek… Hoeveel onthou dat ek julle gesê het, dit het geklink soos die klankbreker op 'n vliegtuig? Onthou? Maar daar was geen vliegtuig in die distrik nie. Die boek sê so, hier. Hulle het dit nagegaan. Daar was geen vliegtuie daarbo nie. En buitendien, dit kon nie… Daardie mis agter 'n vliegtuig is niks anders as opgebreekte lug, vogtigheid nie. Want dit suig deur hierdie eenheid, as 'n straler. Soos dit homself trek, breek dit die vog in die lug. Dit kan nooit daarvan ontslae raak solank daar 'n straler is nie, want dit moet… Dis waarop dit voortstoot. En dis die vog wat daaruit spat.

66 Maar hier is dit, myle bokant waar daar vog kan wees, en geen vliegtuie in die distrik nie. En dit kon nie vog daarbo wees nie, en daarbo gehang het daardie dag nie. Dis dertig myl regoor, ses-en-twintig myl hoog.

Julle sien? Net soos dieselfde, dit was daardie foto daar, toe ek julle vertel het, die engel van die Here het gelyk soos 'n vuurkolom jare gelede, voor dit ooit geneem is. God laat die wetenskap besef dat dit die waarheid is. En hier van die profesie wat gegee is… God laat die wetenskap getuig dat dit die waarheid is. Nou, waar staan ons? Ek wil dit hou, want ek mag met 'n vriend van my praat wat vanmôre teenwoordig is om daardie sewe seëls te skryf. Hy mag dit hiervoor wil gebruik. En so, julle wat 'n kopie daarvan het… Wel, as julle een kry, hou dit vir verwysing. Sien?

67 Nou wil hy uitvind, maar watter nut sou dit hê om dit vir hom te gaan sê? Hy sou daarvoor lag. Sien, hy sou net lag. So, moenie ons pêrels so werp nie. Maar ons weet, die kerk weet, en God weet dat dit die waarheid is.

En toe, terwyl ek gebid het oor hierdie onderwerp, van gewonder het wat met my sou gebeur, en julle weet waar ek was? Noord van Tucson, oos van Flagstaff; net presies, posisioneel, waar ek julle maande voor dit gebeur het, gesê het ek sou staan. En presies, volgens hierdie koerant hier en die koerante… en hierdie tydskrif, en ons eie getuienis; presies waar dit plaasgevind het. God is volmaak en kan nie lieg nie. En dit sal gebeur.

68 Julle onthou op die band: *Menere, Watter Tyd Is Dit?* Ek het daaroor aangehaal: "Onthou, iets maak gereed—groot!" En nou het dit die hele volk daarvan laat getuig. Elke koerant in die Associated Press, en een van ons toonaangewende tydskrifte, en alles anders wat nog oral daaroor getuig. Maar wat 'n bevoorregte volk, 'n bevoorregte volk wat Christen is, om te weet dat in hierdie donker uur wanneer daar geen hoop volgens die wetenskap is nie, en atoombom wat vir ons wag. En geen hoop vir ons organisasies om ooit bymekaar te kom nie, hulle konsolideer met die merk van die dier. En dan is al ons hoop op daardie manier weg … in ons ekonomie, van ons Christelike gemeenskap onder die organisasies… Dit gaan op na Katolisisme, wat 'n merk van die dier in die konfederasie van die kerk sal wees.

Maar aan diegene wat God liefhet en op soek is na 'n werklikheid dat die einste God wat die belofte in die Bybel gemaak het, dit voor ons aangesig versprei en die kerk, en die mense, en wetenskap, en tydskrifte, en alles laat besef dat Hy steeds God is en kan die tyd vertel. Watter tyd!

69 Toe in Sabino Canyon daardie oggend, gebid en gewonder wat sou gebeur, my hande uitgehou na God bo-op daardie berg, het daardie Swaard in my hand geval… Met 'n pêrelhandvatsel, en sy skerm daaroor, en 'n lang lem omtrent drie voet lank, en blink soos potmetaal of soos chroom, vlymskerp; en ek het nie geweet wat dit was nie. En ek het gesê: "Ek is bang vir hierdie dinge."

En net toe het 'n stem gepraat wat die canyon geskud het. Gesê: "Hierdie is die Swaard van die Here." En die Swaard van die Here is die "Woord van die Here." Want die Woord van God is skerper as 'n tweesnydende swaard.

70 Dan om terug te kom na dit… Toe gedurende daardie tyd was daar 'n dapper broertjie hier in die kerk, en hy's 'n… was 'n soldaat en was heeltemal in stukke geblaas in die weermag, amper. Uitgelê vir dood; en gesê, hy sou… Hulle het nie… Die medici het nie gedink hy sou lewe nie en was nie eens die moeite werd om mee rond te speel nie, hy was so ver weg. Die hoofsenuwees in sy been het gebars, en sy armpie was amper heeltemal afgeskiet, sy been … een been byna af. Maar God het genade gesien; hom gered en hom eendag genees.

Broer Roy Roberson was teenwoordig toe daardie foto daar by Houston geneem is. Hoe sy vrou vertel is deur 'n visioen; wat sy in die dag gedoen het, en hoe sy 'n probleem gehad het en dit sou genees word. En dit het hom tot 'n gelowige gebring. Maar hy was 'n militêre man met soort van 'n (ek hoop hy vergewe my om dit te sê van…)… Meer aan die rowwe, presiese kant; bevele gegee in die leër.

As 'n bevelvoerder van mense, moes hy brutaal wees; en: “Doen dit!” Sien? En hy het egter geglo. Maar het voortdurend saam met die kerk gekom en die bonatuurlike gesien, hy het gesê: “Ek glo dit, maar dis vir iemand anders.”

71 Een aand het die Here hom wakker gemaak, een oggend. Ons het gesit, ek en hy, het gelyk soos in Jerusalem aan die Here se nagmaaltafel, en ek het gepraat. Hy kon dit nie verstaan nie. En Broer Roy, wat teenwoordig sit, kyk reg nou na my; en hy het dit gesien. En hy het my gebel in ... buite in Arizona… Of vir my 'n brief gestuur en ek het hom teruggebel. Hy het gesê: “Jy het daar gesit, Broer Branham, en ek het daardie groot pilaar van lig sien inkom en jou kry en jou wegneem van die Here se tafel, en jy het weswaarts gegaan.” Want hy het aan die oostekant gesit en kyk hoe ek wes gaan, en hierdie lig kom in en neem my uit.

Gesê, dit was een oggend, asof dit 'n visioen was. Het opgestaan in die bed omtrent drie- of vieruur in die oggend, soiets, en dit gesien gebeur. En gesê hy het geskree, gelyk soos vir dae: “Broer Bill, kom terug!” En ek en Roy was ware broers. Ons lewe saam, en jag saam, en ons is net broers. En hy het vir my geskree totdat hy hees in sy keel was: “Kom terug. Bring hom terug. Bring hom terug.”—huilend. Hy het gesê, ek sou… Hier het daardie vuurkolom teruggekom, of 'n wolk het teruggekom, en Hy het my aan die hoof van die tafel gesit, en ek is verander. Dit was 'n verborgenheid vir Broer Roy, ek wat verander is om anders te lyk. (Ek lê dit hier op vir iets wat ek wil onthou)—“word verander”—(wanneer ek hom die interpretasie daarvan gee.)

72 Dit was net voor ek teruggekom het vir die sewe seëls. Toe ek terugkom vir die sewe seëls, toe het ek… Een oggend het hy Billy beetgekry, en hy wou met my praat. En ek was besig onder gebed vir die sewe seëls, en toe het hy my vertel van… Dit het weer gebeur, en weer herhaal. En Broer Roy, as ek dit verkeerd kry, trek my aandag. En hy het gesê, hy het weer opgestaan in die oggend, ek reken weer vroeg in die oggend, en daar het hy in die kamer gekyk en hy het hierdie groot lig gesien, of 'n wolk op 'n berg. Hy het my gevra, nie lank gelede nie: “Was daar iets omtrent 'n wolk wat op 'n berg was?” En ek het gesê… “In die Bybel.”

En ek het gesê: “Ja, toe Petrus, Jakobus en Johannes opgeneem is, en die wolk die Here Jesus oorskadu het. En God het gespreek, gesê: 'Hierdie is My geliefde Seun…'” Ek het hieroor gepreek, nie lank gelede nie. 'n Boodskappie, die bandbroers mag verstaan: *Hoor Hom*. Ek veronderstel, miskien het julle dit op band. Ek is seker.

73 En hy het gesê dat hy met die berg opgegaan het. En toe hy het, het ek daar gestaan. En 'n stem het uit die wolk gekom (Was dit nie, Broer Roy?) En iets gesê in hierdie lyn: Dt is My dienaar. En Ek het hom geroep om 'n profeet te wees vir die eeu, om die mense te lei net soos Moses het. En hy is die gesag gegee… Hy kan dinge in bestaan spreek.“ Iets soos dit ... soos Moses gedoen het; soos spreek die vlieë in bestaan. En ons weet van die eekhorings, ensovoorts, en dinge wat alreeds plaasgevind het. Klein Hattie Wright daaragter, ek veronderstel julle weet wat by haar huis plaasgevind het. En Hy het vir hom gesê dat ek gedoen het wat Moses gedoen het.

74 En Hy het dit vir my gesê na 'n reis. En in my gedagte het ek besluit dat ek na Bud sou gaan, want hy is in 'n slegte toestand daarbo, die jagter.

Voor ek hier weggaan, sal ek dit dalk byvoeg. En ons sal opskud. Ek het 'n snaakse droom gedroom, 'n snaakse droom. En ek hoop as my swaer dit ooit in die hande kry, maak dit nie sy gevoelens seer nie. En ek hoop ek maak nie my vrou seer nie, wat nou teenwoordig sit. Maar sy weet dit. Omtrent ... baie maande gelede, reg omtrent… Was, ongeveer rondom Oktober of November. Ek het gedroom dat ek in die donker ronddwaal, en ek… Wel, ek het geen plek gehad om heen te gaan nie en niemand het vir my omgegee nie. En ek het 'n boemelaar geword, net 'n boemelaar. En ek was koud en ek het in die verte gekyk en ek het vuur gesien. En toe ek daar oorkant kom, was dit 'n stortingsterrein. En hulle het slote gehad en die vuur was in hierdie slote. En tussen die slote was dit glad waar boemelaars daar sou slaap om warm te bly (nie te vries nie) tussen hierdie vure op 'n koue winternag. En ek was koud. En ek het opgestap na hierdie vuur om warm te word en dit het vol boemelaars gelê en hulle… Ek het nie een van hulle gesien nie, maar hulle het almal iets soos hokkies gehad of plekke waar hulle slaapplek was. En ek het my swaer gesien, Fletcher Broy.

75 En Fletcher, hoe onthou ek hom. Hy's 'n goeie kind. Maar hierdie mag 'n les wees vir die jong kinders. Ek onthou 'n paar jaar gelede het 'n aantreklike jongman, van James Fletcher Broy, en hy het by die verkeerde groep gekom, en hy het sy eerste drankie geneem. Ek onthou hoe hy my geroep het agter die gordyne in my huis. En sy pa, wat jare gelede na die Heerlikheid gegaan het, was daar en het 'n kitaar gekies:

Op 'n heuwel daar ver het 'n ou ruwe kruis gestaan,

En Fletcher het my teruggeroep, hy het gesê: “Broer Bill, bid vir my. Luister … daardie stuk wat my pa speel, en ek het vandag gedrink.”

Ek het gesê: "Fletcher…" (omtrent agtien jaar oue seun) ek het gesê: "Moenie daardie roete gaan nie." Maar hy het nooit geluister nie. Hy het voortgegaan en hy het 'n algehele alkoholis geword. En sy vrou het hom verlaat, sy kinders… En hy is net op hierdie uur… En God weet ek het hom lief.

Ek het vir hom gaan bid, net 'n boemelaar. Ek het vir hom gaan bid, hier nie lank gelede nie, hy het seergekry terwyl ek hier was met die sewe seëls. En ek het gesê: "Fletch, ek het 'n paar pakke klere daarbo wat ek jou graag wil gee."

Hy het gesê: "Moet dit nie doen nie, Broer Bill."

En ek weet hy het geen klere gehad nie. En ek het gesê: "Waarom neem jy nie die klere nie?"

Hy het gesê: "Uh-uh." En hy het opgekyk na my: "Sien, jy weet wat ek met hulle sou doen. Pand hulle en raak dronk."

En ek het gesê: "Ek sal jou 'n bietjie geld gee, Fletch."

Hy het gesê: "Nee, moet dit nie doen nie, Broer Bill. Ek wil nie hê jy moet dit doen nie." Hy is 'n ware man van hart, maar hy het 'n alkoholis en 'n boemelaar geword. En sy vrou het die verkeerde pad gevat. En o, net alles het met die arme kêrel gebeur.

76 En toe ek wakker geword het… Voor ek wakker geword het, het Fletch vir my gesê, gesê in die droom… Hy het gesê: "Billy, ek sal vir jou 'n plek soek, Broer Bill. Jy het my kinders gevoed toe hulle honger was." Gesê: "Jy was 'n pappa vir hulle. Nou sal ek vir jou 'n plek hier vind om warm te bly." En ons het na die boemelaars se plekke aangestap en uiteindelik by 'n plek gekom, hy het gesê: "Ek sal hier sit."

En ek het gesê: "Ek sal hiernatoe stap en kyk of ek 'n plek kan kry."

Ek het opgestap en uitgekyk in die donker, koue nag. En ek het gedink: "Dink daaraan! Eenkeer het God Almagtig my Sy kerk laat lei. Eenkeer het Hy my Sy Evangelie laat preek en siele gered sien. Mans en vroue kom van regoor die wêreld om met my te praat vir 'n paar minute. En hier is ek nou, 'n boemelaar, niemand wil my hê nie. En ek is koud. En wat moet ek doen?" Toe het ek wakker geword.

77 Ek het vir my vrou gesê, ek het gesê: "Miskien beteken dit dat Fletch in nood is." So ons het opgehaas om te sien of ons hom kon kry. En sy broer het hom gevind. Hy het hier buite gebly in 'n … by die "Weidners." Daar buite waar hulle handelsperde en dinge het; slaap in 'n hoek van 'n skuur of iets. Ek het voortgegaan. Ek het gedink: "Wel, moet dit net laat gaan."

So… Ek het teruggekom, nou, van Kanada af saam met Fred-hulle nou die dag. En in my gedagtes het ek dit opgemaak gehad: "As hierdie mense nie my boodskap wou hoor nie, goed, hulle hoef nie." Ek het nou gepreek vir omtrent vyf-en-dertig jaar. En die laaste vyftien tot agtien jaar het ek niks gedoen behalwe net… Die Here… Ek het probeer om so naby aan Hom te lewe en nie 'n woord te sê totdat Hy my eers gesê het nie. Alles…

78 Mense sê: "Nou as Broer Branham vir jou sê hy kom, onthou, kyk uit vir 'n diens, want hy kom in die Naam van die Here. Hy sal niks doen voordat die Here nie sê nie." Dis reg. Ek het gewag totdat Hy my vertel het. Ek het nie beweeg totdat Hy my gesê het nie. En toe het Hy so geword, vir die laaste paar maande, het Hy my niks vertel van plekke om te gaan nie.

Toe kom ek van Kanada af en Fred het vertel… Of Broer Roy het my sy droom vertel terwyl ek en hy en Broer Banks saam gery het, net voor ons uitmekaar gegaan het.

En toe, die volgende dag toe ons by Broer Fred en sy seun gekom het, was Lynn nie by die huis nie, so hy kon nie saam met ons kom nie. So, hy en sy vrou moes wag. Hy het sy vrou opgelaai daar by Rosewood… Of Elrose, Saskatchewan.

En ek en Billy kom aan in Broer Fred se trok. Daardie nag het ons meeste van die nag gereis, en die volgende dag. En toe die volgende oggend het ons Helena, Montana, verlaat en aangekom na die grens.

En ek kan wakker bly tot omtrent nege-uur en ek raak vaak. Ek het aan die slaap geraak. En Billy, hy wil slaap tot omtrent tienuur die volgende dag, wanneer die daglig opkom. So dit maak dit baie goed vir ons om te reis.

79 So ek het omtrent vieruur opgestaan en begin ry. En Billy het geslaap. Ons het in 'n plek ingegaan en ek het in my gedagtes gedink: "weet jy wat? Een van hierdie dae, sodra ek die vrou daarbo kan kry… En ek sal haar nie sê wat ek gaan doen nie. Maar ek sou daarbo kom. En dan gaan ek vir haar sê: "Ek is so lief vir hierdie plek, ons hoef nie êrens anders heen te gaan nie. Laat ons net hier bly.'" En dis weg van beskawings, elfhonderd myl van enige plek af. Sien? Ver in die wildernis. Ek het gedink, "Kêrel, sal dit nie goed wees nie? Ek hoef nie 'n haarsny te kry nie, en ek hoef nie mooi aan te trek nie. En ek sal net 'n gewone bergklimmer wees." Wat ek altyd wou wees. En ek het gesê: "Ek het 'n paar gewere, en party

mense gee my… En ek sal 'n gids wees soos julle nooit van gehoor het nie. Ek sal dit net liefhê. En dan, as die Here vir my sê gaan af en daar iemand iets, sal ek uithardloop en hulle vertel en weer terugkom. En ek sal Bud help, en ons sal regtig 'n regte plek hier hê." Ek het daaraan gedink.

80 Ons het in 'n restaurant ingegaan om te eet ('n plekkie in die berge) net omtrent sewe-uur. Dit het 'n bietjie laat geword, so ek het Billy wakker gemaak. Ons het geen petrol meer gehad nie, so ons moes bietjie petrol kry, en het in hierdie klein plekkie gegaan, hierdie klein restaurant. En terwyl ons daar was, het 'n man oor die straat gekom, miskien 'n klein bietjie ouer as wat ek was, maar hy het vir my soos 'n man gelyk. Hy het 'n oorpak aangehad, oorpakbaadjie, rystewels, 'n swart hoed, wangbaarde op sy gesig soos hierdie (sneeuwit), hare wat uitgehang het onder die agterkant van sy hoed. Ek het gedink: "Dit het soos 'n man gelyk," vir my. Nie een of ander sagte, lui … met 'n sigaar in sy mond omtrent so lank, sit met 'n kortbroek aan, om 'n stoep of swembad nie; een of ander potpens Oosterling, soos… Verskoon daardie uitdrukking! Maar, egter, die kêrel het vir my soos 'n man gelyk; hard, rof. Het gelyk asof hy gelewe het waar God mense gemaak het om te lewe. En ek het hom bewonder.

81 Hy het in die restaurant ingekom en 'n paar pannekoeke bestel… Was omtrent vyftien, twintig mense. Hy moes nies. Julle weet hoe sommige mense… [Broer Branham boots 'n onderdrukte nies na.] (Verskoon my). Maar hy het 'n yslike groot, gesonde houtnies laat uitgaan: Kertjoeee! Dit het gelyk asof die wind gewaai het. En toe hy het, het niemand gewaag om niks te sê nie. Nee, meneer! Ek het gesê: "Billy, daar's 'n man na my eie hart."

Hy het gesê: "Ag, Pappa, jy wil nie wees soos…"

"Dis wat… Dis ek in die toekoms." Sien? Ek het gesê: "Dis ek."

82 En ek het 'n rukkie daar gesit, en Billy het opgekyk na my en aangehou om sy pannekoek eet. En ek was klaar met myne. Binne 'n paar minute het iemand in 'n hokkie reg voor ons, met die planke hierlangs; 'n agterkant van die hokkie, ek kon nie om dit sien nie. 'n Man het opgestaan wat presies soos my profiel gelyk het, omtrent vyf-en-sewentig jaar oud… klein kêreltjie. Sy klere aan hom vasgemaak, verflenterd. En die maat wat saam met hom opgestaan het, was Fletcher Broy, presies! Grys hare wat in sy gesig hang. En Billy het omgekyk, hy het gesê: "Pappa, dit lyk soos jy en Fletcher." Julle kan julle voorstel hoe ek gevoel het. En die kêreltjie het soos ek gelyk, het gewankel. Het oor 'n kampvuur gestaan met rook oral oor hulle, hulle gesigte vuil. Ek dink hulle ontbyt saam… Die man moes twintig sent betaal het; miskien 'n koppie koffie of iets. En my hart het in my binneste gebons. En ek het dopgehou. En Billy het gesê: "Wat is fout met jou."

Ek het gesê: "Niks." En ek het dit dopgehou. En hulle het omgegaan en uitgegaan.

Hy het gesê: "Pappa, wat is die probleem?"

Ek het gesê: "Niks." En hy het in die motor geklim. Ek het gesê…

Hy het gesê: "Gee jy om om weer te ry?"

Ek het gesê: "Nee."

Hy het gesê: "Ek is steeds vaak."

83 So hy het aan die slaap geraak, en ek het met die pad afgegaan omtrent vyf-en-vyftig myl per uur in die trok, oor die berge, aangekom na die grens toe, af na… Kom huistoe in Arizona, maar ek het nou in Utah ingekom. En soos ek daar gekom het, afgekom deur die berge omtrent twintig myl uit die stad uit… Net soos dit… Julle het dit gehoor, soos ek julle gesê het, oor die oggend oor die eekhorinkies en al hierdie dinge, hoe iets… Iemand het met my begin praat. 'n Stem net dieselfde as wat julle myne hoor. Ek weet dit klink neuroties. Maar soos ek klaar is met uitdrukking—'Het ek julle ooit enigiets vertel wat nie reg was nie?' En 'n stem het begin praat. Ek het met Hom gepraat.

Dit het gesê: "Voer jou planne uit en jy sal so wees."

Ek het gesê: "Here, ek wil nie so wees nie."

Het gesê: "Jou vrou sal ook gaan. Sy sal nie daarbo woon in daardie heuwels soos daardie nie. En jy sal 'n boemelaar word net soos die droom jou gewys het jy sou."

Ek het gesê: "Ek wil nie dit wees nie, maar die… Ek wil nie so hoef te lewe nie. Ek wil iets anders doen. Maar ek is gesê dat U my sou roep om 'n profeet te wees, en ek wil in die wildernis lewe soos die profete." Maar ek het my eie verskoning gebruik sodat ek kon jag; my eie beswil.

En Hy het gesê: "Maar dit was die profete van die Ou Testament. Jy is geroep om daar te wees in 'n baie hoër amp as dit. Hy het gesê: "Jy het meer gawes behalwe dit. Jy is geroep om te bid vir die siekes en om die Evangelie te verkondig. En in die apostoliese vorm, weet jy van groter dinge, baie groot

gawes.‟ Hy het gesê: ″Waarom wag jy vir My om jou te beweeg elke keer as jy beweeg? Waar is jou beloning?‟ Toe het ek gesien… En toe het Hy gesê: ″Onthou jy? Ek het jou gister gesê. Onthou jy wat Broer Roberson vir jou gesê het in jou droom, in sy droom, of visioen? Dat jy gedoen het soos Moses. Jy het die gevoel van jou mense vergeet. Jy het die oproep vergeet waartoe Ek jou geroep het.

84 Ek het die siekes laat lê. Ek wil hê die Here moet vir my sê waarheen om te gaan en waarheen nie. Dis verkeerd. Ek het vir my 'n kompleks gebou omdat die mense nie my boodskap gehoor het nie. En as julle sal… En God verhoed dat ek die lewe van nou soos Moses probeer vergelyk het, maar dis presies wat Moses gedoen het. Die mense wou nie na hom luister toe hy gekom het om hulle te verlos nie, sodat hy hulle net uitgelos het. En in die wildernis ingegaan, maar God het hom omgedraai. En hy het lankal die lydende mense vergeet.

En toe het ek gesê: "Here, as… Hoe kon ek… Dis reg! Met geen geleerdheid behalwe 'n grammatika skoolopleiding nie, in staat wees… En die mense staan in rye en oral, om die eenvoudige Evangelie te hoor.″ Dis meer. Dis nou groter as wat dit onder die Ou Verbond was. Hy het opgevaar in die hoogte en gawes aan mense gegee. Sien? Jesus Christus dieselfde gister, vandag, en vir altyd. Toe het ek gepraat en ek het dit met my hoor praat. En dit het my verlaat.

85 En ek het gesê: "Billy!″ En hy was vas aan die slaap. Ek het gesê: "Billy, was dit jy?″ En hy het nie eens wakker geword nie.

En ek het gedink: "Here God…″ (ek het my motor stadiger laat ry) "… wat beteken dit?″

En ek het gesê: "Billy! Billy! ″

Gesê: "Wat wil jy hê?″

En ek het gesê: "Praat jy met my?″

"Nee, hoekom?″

En ek het gesê: "Ek wil jou iets vertel. Ek het 'n droom gedroom nie lank gelede nie. Onthou jy dat jy daardie kêrel gesien het wat soos ek en Fletch gelyk het? Vra ma wanneer jy terugkom na Tucson, ek het haar hierdie droom vertel. En Billy, daar's iets aan die gebeur. Dit gaan nou aan. Iets het met my gepraat en ek het gedink dit was jy.″

86 Hy het soort van vreemd na my gekyk, en 'n bietjie gewag… Ons het verder gery, so … 'n paar minute… Hy het weer aan die slaap geraak. En ek het gery en daaroor gedink. Wat kan dit beteken? Ry daar in die pad en dit… Ewe skielik, hier begin dit weer praat.

En Hy het gesê: "Keer terug! Het ek jou nie gesê in die begin om die werk van 'n evangelis te doen nie? Toe Ek jou onder op die rivier geroep het, het Ek nie gesê: ″Soos Johannes die Doper uitgestuur is om die eerste koms vooraf te gaan nie… Was Johannes nie meer as 'n profeet nie?‟ Jesus het Self so gesê: ″Wat gaan julle uit om te sien, 'n profeet?‟ Het gesê, ″Meer as 'n profeet.‟

87 Toe het dit alles na my toe begin kom. Ek het begin wonder. Toe het Hy my weer herinner aan die mense. Hoe, gedoen wat Moses gedoen het, hoe kon Moses die mense in die woestyn bereik? So, hoe kan ek die mense in die wildernis bereik? Presies dieselfde ding. Toe het dit gekom by … hierdie II Timothéüs 4. Onthou toe ons die kerk toegewy het daardie oggend, dertig jaar gelede (party van julle oudstryders), toe Hy my daardie bome gewys het en ek hulle aan beide kante geplant het? Onthou julle dit? Julle onthou die visioen. Dis alles geskryf in boeke en op bande en alles. Was jare gelede, hoe ek dit gesien het en ek het nooit die eenheid en die Drie-eenheid deurgekruis nie. Ek het tussen hulle gestaan en hierdie bome geplant, en hulle was die enigste twee bome wat vrugte gehad het. En ek… Al die bome het omtrent dertig voet groot geword en gestop. Hierdie het reg in die hemel ingegaan. Afgebreek van dieselfde tak. Sien? Een aan die een kant en een aan die ander, en ek het hulle gebreek. Julle onthou die visioen. Sien? Dit is in boeke geskryf en dis in my lewensverhaal en alles. En hulle het reg in die hemel opgegaan soos dit, vinnig. En hy het gesê: "Steek jou hande uit vir die vrugte.″ En toe het ek dieselfde vrugte in die kruis gevind toe ek daarheen gehardloop het. En Hy het gesê: "Doen die werk van 'n evangelis. Maak volle bewys van jou bediening. Die tyd sal kom wanneer hulle nie gesonde doktrine sal verduur nie. Moet hulle dan nie laat vaar nie, gaan voort.″ Dit het alles in my gedagtes opgekom.

88 En dan onthou ek, hierdie Marilyn Monroe, die meisie wat ek gesien sterf het omtrent 'n week voor sy gesterf het. En hoedat hulle gesê het sy het selfmoord gepleeg, toe sy nie het nie. Ek het hulle tevore daarvan vertel, wat sou gebeur en dit het; soos dit het met die boksers daarbo, een sou die ander een doodmaak. Ek het my met die meisie misgis. Daar's nog 'n meisie daar. Haar neef is Danny Henry. Wat is haar naam? Jane Russell… Haar neef, 'n Baptiste seun.

En ek het in Los Angeles gepreek by die Sakemanne se Ontbyt. En het daar gestaan en net neergelê op daardie organisasies, en daar het die hoofman van die Gemeentes gesit en baie van die groot

hooggeplaastes wat daarbinne vergader het. En toe ek klaar gepraat het en begin het om die platform te verlaat, gereed te maak… Want die boodskap is oor die nasie gestuur op radio, en moes terug verander. Tydens hierdie verandering toe hulle die radio afgesny het, toe, om daardie boodskap uit te stuur, en terugkom en die stasie aankondig, en ek was by Clifton waar ons ons ontbyt eet. En soos ek geloop het van die boonste platform na die onderste, het 'n aangename aantreklike jong kêrel van omtrent dertig jaar oud gehardloop en sy arms om my gegooi. Hy het gesê: "Ek is Danny Henry." En nie geweet dat dit sy broer was wat die televisie gedoen het nie. En dit op televisie uitsaai volgens die Christen Sakemanne. (En dis Jane Russell, daardie filmster… Haar neef. Haar ma is 'n Pinksterprediker.)

89 En toe, toe ek… Hy het na my toe begin hardloop en hy het sy arms om my gegooi en gesê: "God seën jou, Broer Branham." Hy het gesê: "Ek hoop dit klink nie ontheiligend nie, maar volgens hoe ek dit sien, kan daardie boodskap die 23ste hoofstuk van Openbaring wees." En toe hy dit gesê het, het hy in tale begin praat. 'n Seun wat nooit eens van soiets gehoor het nie, 'n Baptis deur denominasie. En sodra… Hy het wit geword, en hy het na my gekyk, hy het nie geweet wat om te doen nie. Daar's manne wat hier sit wat daar was. Was jy daar, Fred? Hoeveel was daar op daardie tydstip? Ja, twee of drie hier, was daar op daardie tydstip. En hy het nie geweet wat om te sê nie.

En daar was 'n baie groot Franse vrou wat hieronder gesit het. Sy het opgestaan, sy het gesê: "Wel, dit het geen interpretasie nodig nie." Gesê: "Dit was suiwer, Frans."

Die seun het gesê: "Ek ken nie een woord Frans nie." En sy het neergeskryf wat hy gesê het.

En toe was daar 'n man wat op die hoek gesit het, hy het gesê: "Dis korrek. Ek het neergeskryf dat wat hy gesê het, Frans is." Ver agter aan die agterkant, 'n blondekop, aantreklike kêrel, wat teen die muur staan, het na vore gekom en notas vergelyk. Hy was die tolk vir die VN, vir Frans. En hierdie man hier was Victor LeDeux, van die Arne Vick kerk daar buite, en hy het dit neergeskryf. En ek het die interpretasie daarvan.

90 Luister hierna as ek dit kan lees:

Ek, Victor LeDeux, is 'n volbloed Fransman; wedergebore Christen, vervul met die Heilige Gees. My adres is Noord Kingweg 809, Los Angeles 46. Ek woon die Bethel Tempel by, pastoor Arne Vick, pastoor.

'n Ware vertaling wat ek verklaar, van profesie gesê oor Broer Branham, gegee deur Danny Henry in Frans, die 11de Februarie, 1961, by die Volle Evangelie Sakemanne se ontbyt. 'n Ware vertaling van die profesie.

Nou, hier is wat dit gesê het:

Omdat jy die smal weg gekies het, die moeiliker weg, het jy in jou eie keuse gewandel. (Nou, ek kan dit sien. Moses moes ook sy keuse maak. Sien?)

Jy het die presiese en korrekte weg gekies (korrekte besluit) en dit is My weg. (Onderstreep. "My weg," die Heilige Gees wat terugpraat).

As gevolg van hierdie belangrike besluit, wag 'n groot deel van die hemel op jou … wag op jou.

Wat 'n glorieryke besluit (Nou, luister aandagtig)… Wat 'n glorieryke besluit het jy gemaak. Dit op sigself is dit wat sal maak, en sal gebeur, die geweldige oorwinning in die goddelike liefde.

91 Julle let op, dis 'n werkwoord voor die bywoord. Sien? Die Franse. Nou die VN-tolk het dit geïnterpreteer, en die seun ken nie een woord nie. Nooit gehoor van soiets soos praat in tale nie. Hy was 'n Baptis. Het net toevallig daar ingekom en daardie musiek gehoor, en gesê kom daarheen, en staan daar en luister na my preek.

Nou… "in die goddelike liefde"—goddelike liefde. Hoe kan dit goddelike liefde wees as dit nie die Heilige gees is nie? Die Heilige Gees is goddelike liefde.

92 Nou… En soos ek en Billy in die pad begin afgaan het… Sien, begin afgaan in die pad, het Billy weer aan die slaap geraak. En dit het gesê: "Ek sal jou 'n ewigdurende teken gee."

En ek het gesê: "Here, wat…" Ek het 'n bietjie gewag en niks het gebeur nie. Ek het gesê: "Wat is die ewigdurende teken, Here?" En ek het 'n paar minute gewag. En net toe… Ek het oorgekyk om Billy te sien. Hy was aan die slaap.

En Hy het gesê: "Ek sal jou 'n ewigdurende teken gee," weer. Hy het gesê: "Kyk weswaarts van waar jy is."

En ek het my kop so gedraai in die trok om te kyk (stadiger gery, julle weet)… En o, goeiste, die Gees van die Here… Ek het gevoel asof ek kon skree en huil. En ek het gekyk, en ek het net 'n berg gesien met wit doppies daarop. Ek het gesê: "Ek weet nie… sien geen ewigdurende teken daaroor nie."

Hy het gesê: "Jou naam is oraloor geskryf."

O, ek het gedink: "Wat is dit?" En ek het baie swak geword en ek het begin stop.

En Billy het regop gesit en gesê: "Wat is fout met jou?" En ek het my hande so getrek; sweet wat van my hande afval, en dit sneeu.

93 Ek het gesê: "Billy, iets gebeur. Opeens weet ek waar ek verkeerd gedoen het. Ek weet dat ek God gefaal het." En het gelyk asof ek daardie lied kon hoor sing en sien duisende gemengde mense verlam, kreupel, blind en verdor. Het 'n koor gehoor, 'n stem van een of ander groot, gesiene stem;

Onrein! Onrein! Die bose geeste het hom gedryf. (Julle ken die lied.)

Toe het Jesus gekom en die gevangenes vrygelaat.

Ek kon die siek rye oral sien lê. En ek moes stop. Billy het nie geweet dit gebeur nie, en ek het opgekyk.

94 Ek het gestop en opgekyk op die berg en ek het daardie sewe heuwels gesien. En nou hier as julle iets wil sien! Daar was sewe pieke bo-op 'n berg, een berg, wat vir 'n paar myl geloop het. Die laaste berg voor jy in die ander kontrei ingaan. Geen berge meer daarna nie. En dit het geloop van oos na wes, het die berg gesit. En dit was sneeubedek bo-op.

Die eerste twee klein pieke, en dan 'n groot piek… En dan nog 'n klein piek, en dan 'n groter piek… En dan 'n klein piek, en dan 'n groot—groot—lang—sneeubedekte berg. En ek het gesê: "Here, ek verstaan nie wat dit beteken nie."

Hy het gesê: "Hoeveel pieke is daar?"

Ek het gesê: "Daar's sewe."

"Hoeveel letters is in jou naam?" B-r-a-n-h-a-m — M-a-r-r-i-o-n B-r-a-n-h-a-m

95 En daar was drie uitstaande pieke. Hy het gesê: "Daardie drie pieke is die eerste, tweede, en derde trek. Die eerste een was jou eerste deel van jou bediening, klein heuwel; dan jou eerste trek, baie hoog." Julle weet, teken in die hand. Dan is daar 'n klein verposing tussenin, die tyd wat ek weggeneem is van te moeg wees. Baie van julle onthou dit. En toe kom die onderskeiding, die tweede trek. Nou, ek het nog een gehad, omtrent… Paar jare hier van net soort van klein pieke. Sien, terug, soos my bediening toe was. En toe kom die derde een.

Drie is 'n getal van voltooiing. Sien? Die derde een. Die volgende piek was vyf, getal van genade. En die volgende piek was sewe, die getal van volmaaktheid, die einde. "Ses dae moet julle arbei, die sewende is die Sabbat, die einde van die week, die einde van die tyd." Sien? En ek het gestop en ek het dit vir Billy gewys. En ek het na hulle gekyk.

Hy het gesê: "Dit… Laat dit staan. As daar ooit 'n twyfel in jou gemoed is, onthou hierdie plek, kom terug hiernatoe."

96 En Billy het my op die skouer geslaan, hy het gesê: "Pappa, kyk ooswaarts!" En hoe dit ooit gebeur het, weet ek nie, maar daar aan die oostekant van die pad was daardie brandende vullishoop. Myle en myle van enige soort stad, 'n ou vullishoop lê daar aan die linkerkant van die pad.

Ek keer terug na die veld. Amen. Oud of jonk, lewe of sterf, ek sal God gehoorsaam totdat die dood my sal vrymaak. Ek het die Here gefaal… Nie gewillig nie. Of ek maak… Ek het probeer… Laat ek dit invoeg. Sien? (Nog 'n bietjie band oor?) Laat ek dit insit, ek wou hê, ek wou Jesus Christus gemanifesteer sien sonder een fout. En laat die broers wat hierdie band hoor en hierdie kerk onthou, van hierdie dag af, die rede waarom jy geen foute gehad het nie, en die rede dat al hierdie jare… Jy kan nie een ding sê wat ooit gesê of gedoen is nie maar wat dit gebeur het. Ek daag enigiemand uit om enige van die duisende dinge op die platform te bring, en die onderskeiding, en die voorspelling van wat sou gebeur… Dit het presies tot op die letter gebeur! Nou, as die kerk dit glo, sê: "Amen." Daar's nie 'n persoon in die wêreld wat een kan wys nie. Maar laat dit bekend wees aan die kerk hier en aan die kerk hierna: As God 'n man deur 'n pyp druk en hy beweeg glad nie totdat God hom sê nie, is daar geen geloof daaraan verbonde nie. Dis God wat jou na iets stoot. En dit het die bediening gebou na 'n plek waar daar niemand is wat een woord daarteen kan sê nie. Maar van nou af aan, laat ek eers met julle spreek in die Naam van die Here, voordat julle luister, want ek moet deur geloof uitgaan. Ek moet dit doen deur geloof of ek dink dis reg of verkeerd, of wat… Ek doen die beste van my keuse en gaan doen dit dan. Omdat dit nie verkeerd was nie, is dit omdat ek gewag het totdat Hy vir my gesê het om dit te gaan doen. Ek het vir Hom gewag sodat dit nie ek was nie, dit was Hy!

97 Maar julle sien, selfs die groot Paulus het eenkeer tussen die engtes gekom. En baiekeer dat God

dinge gedoen het of Sy diensknegte dit laat doen het, was dit foute, ten einde hierdie dinge te bewys. Nou, ons weet dat menslike wesens foute kan maak, maar God kan geen fout maak nie. Maar nou, wanneer ek in die veld van predeking kom en gaan soos ek doen, dan moet ek byeenkomste vooraf vasstel en dinge laat oplyn. En miskien is dit daardie groot tyd wat kom, waarna ons gesoek het. En sekerlik, as dit op sigself 'n geweldige ding is wat sal vervul, en laat gebeur, die geweldige oorwinning in die goddelike liefde (en dis die werkwoord voor bywoord), dan is dit goddelike liefde wat God is. Sien? En dit neem die liefde van God om daar op die voorste linie te kom en in die bres te staan vir die mense.

98 En hierdie "Rickys" en Rickettas " wat is … so kras die woorde, dat ek hulle genoem het "Ricky" en "Ricketta"… God het my laat verstaan ek behoort dit nie te doen nie, want dis… Baie van hulle is steeds Sy kinders. Ek is 'n… Hulle kan nie help nie omdat hulle soveel anders optree. Party van hierdie ou, koue formele kerke wat hulle het, daardie gees op hulle, en hulle is soveel in die tronk as wat Israel in die tronk was. Net soveel as wat Moses afgegaan het om hulle van slawerny te verlos… Menslike wesens wat Jesus Christus liefhet, sou Hom dien as hulle net weet waarmee om Hom te dien. En hulle is in slawerny onder denominasionalisme wat vir hulle sê: "Moenie *dit* doen nie," en "Moenie *dat* doen nie."

99 Maar die roep van God moet kom: "Wie ook al na die beloofde land wil marsjeer, laat hom marsjeer!" Ons is op ons pad na die beloofde land. Amen. Laat hulle marsjeer. Ons is op ons pad om Christus te ontmoet in die eindtyd. En ek wou dit vir julle bring sodat julle sou sien, en julle wys dat … die fout wat 'n man kan maak, alhoewel opreg.

Moses het die gevoel van sy volk verloor omdat hulle nie na hom wou luister nie. En Broer Roy, sien jy jou droom? En nou, ek kan nie gaan met 'n bediening soos daardie totdat ek anders voel in my hart daaroor nie. Maak nie saak of God my gesê het nie. Maar dit is daardie verandering wat Broer Roy ... (wat hy gesien kom het). Iets moet my verander omdat ek, in my hart, as ek daarheen gaan en voel soos ek nou doen… Ek voel steeds dat hulle daardie boodskap behoort te gehoor het, hulle behoort te gedoen het… En ek het nie die gevoel vir die mense wat ek behoort te hê nie. Totdat ek daardie gevoel kan kry, is dit nie nodig dat ek gaan nie, omdat ek 'n huigelaar sou wees.

100 En al hierdie jare het ek Hom met 'n ware hart probeer dien, en ek sal nie daarheen gaan om 'n huigelaar te wees nie. Ek moet dit voel, dat dit nie "Ricky" en "Ricketta" is nie, en dit is nie hierdie klomp nie… Dis God se kinders wat in slawerny is en ek moet na hulle toe gaan. En totdat ek so kan voel, sal ek net moet lanterfanter. Preek 'n paar konvensies en dinge, maar wag.

101 Het 'n liedjie. Ek kan nie sing nie. Ek wil dit net graag aanhaal vir julle broers, soort van gekarteer. Ek het dit nie reg gespel nie. Dit is nie reg geskryf nie. Ek weet nie of ek dit selfs kan lees of nie. Dis in die wysie van die Slaglied van Die Republiek.

Glorie! glorie, halleluja! (Julle het dit gehoor.)

Glorie! glorie, halleluja! (Hoeveel….

Natuurlik het ons almal dit gehoor.)

Die kringprediker het gaan ry

deur die land,

Met 'n geweer op sy skouer en 'n Bybel

in sy hand;

Hy het die prêrie mense vertel van 'n geseënde

Beloofde Land,

Terwyl hy gaan ry het, saamgesing het.

Leun, leun,

Leun op die ewigdurende arm.

Leun, leun,

Leun op die ewigdurende arm.

Hy het die komende oordeel van vuur verkondig

en swael;

En 'n glorieryke, eindelose hemel van die regverdiges alleen.

Soos hy oor die berge gery het, kon jy hom hierdie lied hoor sing,

Soos hy verder gery het.

Daar is krag, krag, wonderwerkende

krag,

In die bloed van die Lam;

Daar is krag, krag, O, wonderwerkende

krag,

In die kosbare bloed van die Lam.

102 Die ou kringprediker. Julle onthou hom. Sien?

Nou, sy geweer is oud en verroes en hang

teen die muur;

Sy Bybel is baie verslete en stowwerig en is

selde enigsins aangeraak; (Dis reg)

Maar die boodskap wat dit vir ons bring, sal

ons ontmoet op daardie dag,

Want God se waarheid marsjeer steeds voort.

Almal:

Glorie! glorie, halleluja!

Glorie! glorie, halleluja!

Glorie! glorie, halleluja!

Sy waarheid marsjeer voort.

103 Ek gaan dit leer. Ek het vanoggend gestaan toe ek dit neergeskryf het, my hand op die ou geweer gesit wat teen die muur gehang het. Ek het gedink dit sal nie lank wees nie.

Geweer is oud en verroes soos dit hang

teen die muur, (dis reg)

En die Bybel is verslete en stowwerig en

word selde enigsins aangeraak.

Maar sy boodskap uit hierdie Bybel…

eendag by die oordeel;

En Sy waarheid bly voort marsjeer.

God se waarheid in hierdie Bybel. Ja, Jesus Christus is dieselfde gister, vandag, en vir altyd.

104 Die ou kringprediker met sy geweer oor sy rug, sy Bybel in sy hand, het oor die prêries gery, en bo-oor die berg, en af in die slote en oral; preek van 'n komende millennium, van 'n komende vurige oordeel vir die onregverdiges, en verkondig 'n koninkryk van God vir die regverdige. Dis waar. Die ou Winchester roes weg. En die Bybel, hulle het een of ander seksboek in plaas daarvan. Maar God se waarheid marsjeer steeds voort. Hy maak Homself net so werklik vandag, en bewys dit, as wat Hy ooit was.

God se waarheid hou aan om voort te marsjeer.

Glorie! glorie, halleluja!

Glorie! glorie, halleluja!

Glorie! glorie, halleluja!

Sy waarheid marsjeer voort.

105 Hoekom? Iemand sal dit neem. Want Jesus Christus is dieselfde gister, vandag, en vir altyd. Laat ons dit weer sing. Nou, ons is hier deurmekaar, Metodis, Baptis, Lutheraan, alles anders… Terwyl ons daardie laaste koor sing, laat ons hande skud met iemand om julle en dan sal ons verdaag word.

En nou, onthou, julle wat na julle eie kerk toe moet gaan, gaan vanaand. Groet julle pastoor vir my. En bid dan vir my, elkeen van julle. En dan weer, ek wil hê julle moet onthou, as julle geen plek het om heen te gaan nie (Het julle enigiets?)… Na Broer Neville se boodskap vanaand, nadat hy sy boodskap het, dan wil ek 'n band maak genaamd *Die Rooi Flitsende Lig Van Sy Koms*. Julle sien? Vanaand. Die Here seën julle nou. En volgende week, ek… Volgende Sondag, as die Here wil, kan ek weer daar wees om nog 'n band te maak, want ek moet hierdie volgende week in Arkansas wees.

106 Goed, nou, laat ons weer sing en hande skud.

Glorie! glorie, halleluja!

Glorie! glorie, halleluja!

(Here Jesus, seën hierdie

sakdoeke.)

Prys God! Nou, laat ons ons hoofde net 'n oomblik buig.

107 Jy's net betyds, Broer Ruddell. Stap hiernatoe net 'n oomblik. Broer Ruddell, nog een van ons medebroers, hier, van 'n klein vereniging van kerke wat ons saam het, net inter-denominasioneel. En ek het die dapper standpunt gehoor wat Broer Ruddell vir die Evangelie ingeneem het. En so sê ek dit, Broer Ruddell, dat alles langs die pad… God het nie 'n blombed van gemak belowe nie, maar Hy het 'n stryd belowe. Ja, maar Hy het oorwinning belowe. Dis die ding.

Ek onthou toe ek die eerste keer hierdie standpunt ingeneem het, wou selfs my eie moeder en vader my van die huis wegwys. Sien? Maar o, goeiste! Ek het hulle gedoop in die Naam van die Here Jesus. Die enigste hoop wat ek ooit vandag het, is as gevolg van die stand. Ek is so bly dat die boodskap van die Bybel van die ou kringprediker tot op hierdie tyd… Al het mense dit beetgekry en hulle het dit rondom gesnoei, en hulle het denominasies gemaak en geloofsbelydenisse geplaas en alles anders daarin, daardie waarheid marsjeer steeds voort. Reg. Dit marsjeer steeds voort.

108 God seën julle elkeen en ons hoop om julle binnekort weer te sien. Tot dan, sal julle nou hierdie een guns vir my doen, beide hier en op bande, julle broers? Bid dat God daardie iets in my hart sal plaas wat ek daar in daardie kompleks verloor het. Dis so maklik om 'n kompleks te bou. Ek het nou die dag 'n onderhoud gehad met my Broer Way wat hier sit. Sit hier, teenwoordig. 'n Goeie man, maar het homself rondom die kompleks gebou, 'n ander soort kompleks. Het dieselfde ding gedoen. Broer Way, jy kan dit so maklik doen. Jy kry net 'n klein ietsie in jou gemoed, hou aan om so te dink… Gaan terug en gaan dit na met die Skrif, kyk of dit reg is of nie, gaan dan van daar af aan. Ja. Moenie die gevoel van die mense verloor nie. Sien? Julle moet onthou hulle is nie gemaak van saagsels nie. Hulle is vlees en bloed, menslike wesens, met 'n siel. Bid vir my, almal van julle, as julle sal. God seën julle, nou.

Ons gaan ons hoofde buig en Broer Ruddell vra of hy sal...

109 ['n Man vra om te praat.] Goed, Broer. [Hy vertel 'n droom.] Prys God! Hierdie is 'n prediker. Iemand weet dalk nie. En hy was een van die groep wat (ek het nie tyd gehad vanmôre nie), wat in een van daardie drome was, gepraat van my wat die ander pad gaan. Sien, gaan wes, gaan wes uit op hierdie laaste keer. Broer JT Parnell.

110 Nou, daar mag vreemdelinge wees wat wonder oor mense wat drome het, van dromers. Nee, ons gaan nie na allerhande soorte drome nie, maar ons glo dat die Bybel gesê het: “En dit sal gebeur in die laaste dae dat Ek my Gees sal uitstort op die mense; en hulle sal profeteer en visioene sien en drome droom.” En solank dit binne die omslae van die Bybel is, is dit my plig om dit te glo en dit te preek. En wanneer mense drome vertel, as die Here nie die interpretasie gee nie, laat ons dit gaan. En as dit iets is… Wanneer enigiemand in tale praat, moet dit iets vir die kerk wees en moet ook gebeur. As dit nie gebeur nie, sou dit 'n bose gees wees. Dit moet gebeur, want uitleg van tale is profesie. Ons weet dis reg. So, ons probeer hier om die Bybel te lewe net soos dit geleer word. Neem niks weg daarvan of voeg niks daarby nie, maar leef dit net soos dit is. Die Here wees geseënd. Dit help my, Broer JT, om te glo dat… God het my nie gesê om nou uit te gaan en met sonde te kompromitteer nie. Maar gaan net uit en hou net aan doen, sien.

111 Laat ons nou bid, Broer ... ['n Vrou in die gemeente roep uit.] Iemand het flou geword. Net 'n oomblik, sit almal stil.

Hemelse Vader, laat U genade kom en Broer Way genees, in die Naam van Jesus Christus, bid ek dat hy terugkom. Gee hom terug, Here, gee hom krag en gesondheid.

So help my, sy hart het weer begin klop. Here Jesus, laat u goedheid en barmhartigheid met hom wees. Dis verby. Soos ek hier staan op hierdie altaar waar begrafnisse gepreek is. Waar ek hier staan waar honderde mense wat deurgebid het tot Christus. Ek het afgereik, sy oë was geset, sy pols weg. En nie meer as die Naam van Jesus Christus genoem nie, en sy pols het begin terugkom. Prys die Here! As 'n prediker van die kruis, sê ek dit in die Naam van Jesus Christus. Is Hy nie wonderlik nie? 'n Hartaanval! Sien? Ek is so dankbaar dit het reg nou gebeur, in plaas van te wag totdat ons weg is. Sien die genade van God? Die Here wees geseënd. Laat ons net ons hoofde buig.

112 Hemelse Vader, ons dank U nou vir U goedheid en U genade. U is altyd in ons midde. Gee my, Here, olie in my lamp. Gee my die staf van die Here; sodat ek dit kan uitstrek, op oor die siekes en beproefdes. Dat ek dit kan uitbring op… Om verlossing te bring aan hulle wat behoeftig is, en oordeel aan hulle wat dit verwerp. Skenk dit, Vader. Ons dank U vir al U goedheid, in die Naam van Jesus Christus. Amen.

Broer Ruddell… God seën jou, Broer.

www.messagehub.info

Preke Gelewer Deur
William Marrion Branham
"… in die dae van die stem …" Openb. 10:7